
# DIE KLIMAATSAKSIE HANDBOEK

## VIR SUID-AFRIKA




'n Hulpmiddel vir die bou van klimaatsveerkragtigheid deur geregtelike bemagtiging

NATURAL JUSTICE

HEINRICH BÖLL STIFTUNG
CAPE TOWN
South Africa | Namibia | Zimbabwe

# INHOUD


- **INLEIDING** 2
  - DOELSTELLINGS 2
  - VERWAGTE UITKOMSTE 2
- **HOOFSTUK 1: KLIMAATSVERANDERING EN MY GEMEENSKAP** 4
  - WAT IS KLIMAATSVERANDERING? 4
  - HOEKOM VERANDER DIE KLIMAAT? 4
  - WAT DRA BY TOT KWEEKHUISGASVRYSTELLINGS? 6
  - HOE KLIMAATSVERANDERING JOU RAAK 8
  - KLIMAATSIMPAK, AKSIE EN KWESBAARHEID IN GEMEENSKAPPE 9
- **HOOFSTUK 2: KLIMAATSVEERKRAGTIGE GEMEENSKAPPE** 14
- **HOOFSTUK 3: SUID-AFRIKA EN KLIMAATSVERANDERING** 21
- **HOOFSTUK 4: GEBRUIK DIE REG** 32
  - 1. VERSTERK DIE GEMEENSKAP 33
  - 2. VOORSPRAAK MAAK 36
  - 3. VERSAMEL INLIGTING 39
  - 4. VERKRY TOEGANG TOT INLIGTING 42
  - 5. NEEM DEEL 45
  - 6. LOBBY REGERINGS 51
  - 7. PROTESTEER 52
  - 8. TEKEN 'N PETISIE OP 54
  - 9. RAPPORTEER 55
  - 10. NEEM REGSTAPPE 57
- **AFSLUITING** 58
  - AFSLUITENDE KONTROLELYS 58
  - VOLGENDE STAPPE 59


## ERKENNINGS


Ons bedank ons befondsers, die *Climate Justice Fund* en *Heinrich Böll Stiftung*, Kaapstad, vir hul ondersteuning. Desember 2021.

# INLEIDING

Klimaatsverandering is nie slegs 'n abstrakte konsep wat eendag in die toekoms sal gebeur nie. Die impak vind nou plaas en die gevolge word alreeds gevoel deur individue en gemeenskappe regoor die wêreld. Wanneer gemeenskappe hierdie impakte verstaan, sowel as die wette wat op klimaatsverandering, die omgewing en menseregte van toepassing is, kan hulle klimaatsaksie neem om hul regte te verdedig en die omgewing te beskerm.

Ons nooi jou en jou gemeenskap uit om deel te wees van 'n groter gemeenskap wat klimaatsaksie neem en sodoende by te dra tot 'n regverdige, gelyke en gesonde samelewing.

## Doelstellings

**Hierdie werkboek het ten doel:**

1. **Om jou te help om klimaatsverandering en die impak daarvan op jou gemeenskap te verstaan - tans, sowel as in die toekoms.**
2. **Om jou te help om die wet te gebruik om te reageer op klimaatsverandering.**

Die tweede doelstelling word geregtelike bemagtiging genoem. Wat is geregtelike bemagtiging? Die hoofdoelstellings van geregtelike bemagtiging is om:

- Jou kennis van die wet en jou regte op te bou;
- Jou te help om die wet te gebruik om jou regte te laat geld; en
- Jou te help om die wet te vorm of te beïnvloed sodat jou regte gerealiseer en gerespekteer word.

## Verwagte uitkomste

Jy kan die volgende uitkomste verwag wanneer jy hierdie werkboek met die hulp van 'n gemeenskapsfasiliteerder of regskundige voltooi het:

- om klimaatsverandering, klimaat kwesbaarhede, en die maniere waarop klimaatsverandering gemeenskappe raak, te verstaan;
- om te verstaan hoe plaaslike (omgewings-, maatskaplike en ekonomiese) toestande gemeenskappe kan beskerm of hulle kan blootstel aan die impak van klimaatsverandering;

- om te verstaan hoekom die bou van klimaatsveerkragtigheid noodsaaklik is en om die sleutelkenmerke van 'n klimaatsveerkragtige gemeenskap te herken;
- om jou eie kennis te gebruik om publieke deelname en besluitneming in te lig rondom aksies wat potensiële klimaatsverandering impakte kan verminder of wat kan reageer op klimaatsverandering kwesbaarhede;
- om omgewings- en grondgebruik verandering wat in die verlede plaasgevind het aan te teken en hierdie veranderinge te verbind met klimaatsverandering, of aan natuurlike prosesse of ander gebeurtenisse wat vandag plaasvind;
- om ingelig te word van bestaande geregtelike meganismes en hoe jy die wet kan gebruik om klimaatsaksie te neem;
- om te weet hoe om aan besluitneming deel te neem en te weet watter vrae om te vra met betrekking tot grond en die omgewing;
- om 'n verteenwoordigende liggaam te skep of te leer om bestaande strukture te gebruik om klimaatsaksie sake verder te voer;
- om probleme en oplossings te identifiseer, aksies te beplan en daardie planne uit te voer om sodoende vertroue in jou eie vermoëns te verhoog; en
- om saam met jou gemeenskap minder afhanklik te word van eksterne partye en organisasies wanneer dit kom by oplossings vind en probleme hanteer.

*Hoofstuk 1*

# KLIMAATSVERANDERING EN MY GEMEENSKAP

## Wat is klimaatsverandering?

**Klimaatsverandering is die beduidende langtermynverandering van normale weerpatrone as gevolg van veranderinge in die atmosfeer.**

Die term "weer" verwys na toestande oor kort tydperke, in sekere geografiese gebiede, terwyl die term "klimaat" na langtermyn streeks- of selfs globale toestande verwys. Klimaatsverandering gaan oor abnormale veranderinge rakende die klimaat en hoe hierdie veranderinge die planeet beïnvloed.

Byvoorbeeld, as jy minder reënval gedurende 'n reënseisoen het, en hierdie gebrek aan reënval duur voort vir 'n lang tydperk of oor 'n paar jaar, sal jy droogte toestande ervaar. Soms kan dit 'n natuurlike siklus volg, maar wetenskaplikes sê dat die siklusse van veranderende weerpatrone nie meer 'n "natuurlike siklus" volg nie. Die siklusse word al hoe erger en veranderinge in die weer is meer ekstreem.

## Hoekom is die klimaat besig om te verander?


**Klimaatsverandering word veroorsaak deur kweekhuisgasvrystellings wat deur mense veroorsaak word. Hierdie vrystellings bereik vlakke wat hoër is as wat die omgewing natuurlik kan hanteer. Kweekhuisgasse sluit koolstofdioksied en metaan in.**

Alhoewel koolstofdioksied deel is van 'n natuurlike siklus, stel mense koolstofdioksied in groot hoeveelhede vry deur die gebruik van fossielbrandstowwe (soos byvoorbeeld olie en gas). Koolstofdioksied kan hitte op 'n natuurlike manier vasvang, maar om te veel hitte vas te vang is nie 'n goeie ding nie! Ons wil nie hê die aarde se oppervlak moet te veel verhit nie, aangesien dit die natuurlike siklus ontwrig en veranderinge aan die klimaat veroorsaak. Op ons beurt ervaar ons klimaatsimpakte in ons alledaagse lewens.

Sommige wetenskaplikes sê dat dit reeds te laat is, en dat die aarde se natuurlike stelsel besig is om te vinnig te verhit. Hierdie toename in hitte is besig om die klimaat te verander en ons sien reeds veranderinge aan weerpatrone en uiterste weergebeurtenisse rondom die wêreld. Die 2021 Internasionale Paneel oor Klimaatsverandering-verslag waarsku dat aardverwarming met 2°C gedurende die 21ste eeu oorskry sal word, tensy vinnige en diepgaande verlagings in koolstofdioksied en ander kweekhuisgasvrystellings in die komende dekades plaasvind.

**Sien die illustrasie op die volgende bladsy.**

## DIE ONTWRIGTE KWEEKHUIS SIKLUS



# Wat dra by tot kweekhuisgasvrystellings?

Enige nywerhede of aksies wat fossielbrandstowwe verbrand om energie te skep, stel kweekhuisgasse vry. Die gebruik van enige energiebron, soos byvoorbeeld die gebruik van elektrisiteit en die verbranding van steenkool, hout of olie, veroorsaak die vrystelling van koolstofdioksied.

Hier is 'n paar voorbeelde van nywerhede en sektore wat bydra tot koolstofvrystellings:

## VERVOER

Vervoer is 'n beduidende oorsaak van koolstofvrystellings omdat voertuie, skepe, busse en vliegtuie fossielbrandstowwe verbrand (byvoorbeeld, petrol word van ru-olie gemaak).

## ENERGIE

Die produksie van energie vir elektrisiteit is ook 'n groot bron van koolstofvrystellings, veral in lande wat steenkoolkragstasies gebruik vir kragopwekking.

## LANDBOU

Koolstof word ook deur vee- en fabrieksboerdery vrygestel: die eet van vleis is een van die mees beduidende maniere waarop mense bydra tot kweekhuisgasvrystellings.

## GRONDGEBRUIK VERANDERINGE

Plante en bome, oseane, gletsers en gesonde grond kan help om koolstof natuurlik uit die atmosfeer te verwyder en kan ook koolstof berg. Ons kap egter woude af om grond vir veeboerdery beskikbaar te stel en om hout te voorsien. Ons besoedel ons see deur dit as 'n stortingsterrein vir ons afval te gebruik. Ons vernietig ons grond deur swak boerderypraktyke. Ons ontgin fossielbrandstowwe uit myne en die oseane. Ons stel nie net te veel koolstof in die atmosfeer vry nie, maar vernietig ook die natuurlike plekke waar dit verwyder en gestoor kan word. Wanneer ons aan grondgebruik verandering dink, moet ons ook alternatiewe gebruike van die grond oorweeg wat dalk beter geskik is vir klimaatsveerkragtigheid.

## DIE BOSE KRINGLOOP


Daar is ook 'n ander proses wat ons in 'n bose kringloop plaas. Nie net is mensgemaakte vrystellings 'n probleem nie, maar natuurlike stelsels wat koolstof vir duisende jare geberg het, word beïnvloed deur toenemende hitte en stel kweekhuisgasse vry wanneer hierdie stelsels verhit word. Byvoorbeeld, hoe warmer die atmosfeer word, hoe meer verhit die oseane en gletsers en hoe meer koolstof word vrygestel.

Dus skep ons 'n siklus waar meer en meer mensgemaakte en natuurlik gestoorde koolstof in die atmosfeer vrygestel word, en ons vernietig die maniere waarop koolstof gestoor kan word.

Kom ons kyk na wêreldwye neigings in verband met kweekhuisgasvrystellings.


## WÊRELDWYE KOOLSTOF VRYSTELLINGS

### Globale koolstofdioksied vrystellings, 1850 - 2040




**Bronne:** *Carbon Dioxide Information Analysis Center (Oak Ridge National Laboratory, 2017); World Energy Outlook (International Energy Agency, 2019)*

### Wêreldwye Mensgemaakte Kweekhuisgasvrystellings Volgens Sektor, 2013




**Notas:** Die primêre bronne van kweekhuisgasvrystellings wêreldwyd is elektrisiteit en hitte (31%), landbou (11%), vervoer (15%), bosbou (6%) en vervaardiging (12%). Energieproduksie van alle soorte is verantwoordelik vir 72% van alle vrystellings.

**Bron:** *Climate Analysis Indicators Tool (World Resources Institute, 2017)*

# Hoe klimaatsverandering jou raak

Sodat jy beter kan verstaan hoe klimaatsverandering jou en jou gemeenskap raak, laat ons eers die relevante wetenskaplike terminologie oorweeg:

- **Blootstelling:** Die aard en mate waarin 'n sisteem aan beduidende klimaatsvariasies blootgestel word.
- **Sensitiwiteit:** Sensitiwiteit is die mate waartoe 'n sisteem beïnvloed word, hetsy nadelig of voordelig, deur klimaatverwante stimuli. Die effek kan direk of indirek wees.
- **Potensiële impak:** Alle impakte wat mag voorkom gegewe 'n geprojekteerde verandering in klimaat, sonder om aanpassing te oorweeg.
- **Aanpassingskapasiteit:** Die vermoë van 'n stelsel om aan te pas by klimaatsverandering (insluitend klimaatsveranderlikheid en uiterstes) om potensiële skade te modereer, om geleenthede te benut, of om met die gevolge saam te leef.
- **Kwesbaarheid:** Die mate waarin 'n stelsel vatbaar is vir, of nie in staat is om nadelige gevolge van klimaatsverandering, insluitend klimaatsveranderlikheid en uiterstes te kan hanteer nie. Kwesbaarheid is 'n funksie van die karakter, omvang en tempo van die klimaatvariasie waaraan 'n sisteem blootgestel word, sy sensitiwiteit en sy aanpassingsvermoë.

Die volgende diagram illustreer hoe hierdie alles verbind is.[1]

[1]Die Internasionale Paneel oor Klimaatsverandering (*IPCC*), 'n Verenigde Nasies-liggaam waarvan Suid-Afrika 'n lid is, verskaf hierdie woordelys. Sien *IPCC* Werkgroep 2, 2001. Derde Assesseringsverslag, Bylae B: Woordelys van terme.



# Klimaatsimpak, aksie en kwesbaarheid in gemeenskappe

### Wat beteken dit om "deur klimaatsverandering geraak te word"?

Dit beteken dat veranderinge aan die omgewing (wat deur klimaatsverandering veroorsaak word) 'n negatiewe (nadelige) uitwerking op jou en jou gemeenskap het.

? ***Byvoorbeeld, 'n droogte in jou area veroorsaak dat jy nie water kan stoor nie, dit beteken dat jy nie jou kostuin kan natmaak nie en namate van tyd sal jou groente doodgaan. Jy het dus minder of geen groente om te eet of te verkoop.***

### Wat beteken dit om klimaat kwesbaar te wees?

Dit beteken dat jy en jou gemeenskap die risiko loop om veranderinge aan die klimaat wat jou gemeenskap en lewenswyse beïnvloed, te ervaar of te voel.

? ***Byvoorbeeld, 'n droogte in die area kan jou vermoë beïnvloed om water uit die kraan te kry en jy het dalk nie 'n ander bron van water nie. Deur slegs een bron van water te hê maak jou kwesbaar.***

### Wat beteken dit om klimaatsaksie te neem?

Dit beteken dat jy of jou gemeenskap dinge begin doen soos om die reg te gebruik, deel te neem aan besluitnemingsprosesse of om jou gemeenskap te organiseer om te reageer op óf jou kwesbaarhede óf die impakte wat jy reeds ervaar.

? ***Byvoorbeeld, om seker te maak dat jou plaaslike waterbronne nie besoedel is nie en skoon water vir groentetuinmaak kan voorsien, vra jy die munisipaliteit om 'n plaaslike stroompie skoon te maak. Of jy vra die munisipaliteit om 'n boorgat in jou area te grawe.***

## DIE KLIMAAT KWESBAARHEID, IMPAK EN AKSIE MATRIKS




As mens na die diagram hierbo kyk, kan mens sien dat Aksie, Impak en Kwesbaarheid onderling verband hou. In elke gemeenskap wil ons die beste uitkoms hê wanneer dit kom by klimaatsimpakte. Om dit te doen, moet ons al drie hierdie komponente in hierdie werkboek oorweeg, maar uiteindelik is dit die optrede, kennis en energie van die gemeenskappe wat die beste uitkoms sal bepaal.

### Aksie en Kwesbaarheid

- Klimaat kwesbaarheid: Hoe reageer klimaatsaksie daarop? En hoe verminder klimaatsasksie dit?
- Watter toestande bestaan in die gemeenskap wat dit meer waarskynlik maak dat dit deur klimaatsverandering geraak sal word?

### Impak en Kwesbaarheid

- Op watter maniere maak die impak van klimaatsverandering die gemeenskap meer kwesbaar?
- Klimaatsaksie: Watter aksies kan die gemeenskap neem om op klimaatsverandering te reageer?

### Impakte en Aksies

- Op watter maniere beïnvloed die klimaatsimpak die tipe aksies wat die gemeenskap moet neem?
- Klimaat kwesbaarheid: Hoe sal die gemeenskap waarskynlik deur klimaatsverandering geraak word?

## Oefening

### SENSITIVITEIT EN IMPAKTE OP JOU GEMEENSKAP

Dink aan jou gemeenskap as 'n stelsel.'n Stelsel het baie onderdele. Eerstens is daar fisiese onderdele: insluitend infrastruktuur, paaie, plante en diere, huise en mense. Daar is ook prosesonderdele in 'n stelsel, soos byvoorbeeld: dienslewering, leierskap en besluitneming, voedselstelsels en landbouprosesse, asook netwerke.

Noudat ons weet wat klimaatsverandering is en hoe ons aan die impak daarvan blootgestel word, neem 'n bietjie tyd om oor die volgende vrae na te dink:

? ***Watter mense, plekke en prosesse is mees sensitief vir klimaatsimpakte?***

? ***Hoekom is hulle sensitief vir klimaatsverandering?*** *Byvoorbeeld: hoekom sou kinders meer sensitief wees vir klimaatsimpakte as volwassenes?*

# Potensiële impak van klimaatsverandering op gemeenskappe

Oorweeg die volgende potensiële impakte van klimaatsverandering terwyl jy in gedagte hou hoe ons aan klimaatsverandering blootgestel word en die unieke sensitiwiteite wat spesifieke gemeenskappe of mense in die gesig staar.

### Waterbeperkings

- Droogte in gebiede waar munisipale damme geleë is kan beteken dat jy waterbeperkings ervaar, of jou krane loop droog.

### Onreëlmatige reënvalpatrone

- Onreëlmatige waterbeskikbaarheid as gevolg van veranderinge in reënvalpatrone beteken langer en meer ekstreme periodes van óf droogte óf oorstromings.

### Oorstroming van huise en woonbuurte

- Jy mag dalk vind dat jou huis of plaaslike gemeenskap meer dikwels oorstroom word as gevolg van meer reënval of swak infrastruktuur.

### Impakte op gewasse

- Ernstige droogtes sal gewasse, vee en die lewensbestaan van boere beïnvloed.

### Rampe in die vorm van siklone of meer intense storms

- Jy mag dalk vind dat jy vir die eerste keer siklone (baie sterk winde en reën) ervaar.

### Veldbrande en hokkies

- Warm, droë en winderige toestande kan lei tot meer gereelde brande in die omliggende veld.
- Kouer toestande of duurder energiebronne kan daartoe lei dat mense meer gereeld vure/kerse of gas in hul hokkies gebruik en dit kan die frekwensie van brande verhoog.

### Impak op voedselpryse

- Droogtes in landbougebiede kan lei tot voedseltekorte of stygings in die prys van voedsel.

### Seelewe en visvang

- Veranderinge aan seestrome of seetemperature kan vispopulasies verminder, omdat hierdie veranderinge die broeipatrone van visse beïnvloed, of daartoe lei dat visse elders migreer.

### Hitte stres

- Benewens die effek van hittegolwe op gewasse en diere, lei hittestres by mense tot laer produktiwiteit en vrugbaarheid, dit het ook negatiewe impakte op die immuunstelsel.

### Bedreigings vir dieregetalle

- Veranderinge aan biodiversiteit of landskappe as gevolg van veranderende temperature, sowel as droogtes of oorstromings, kan diere doodmaak of hul habitatte so beïnvloed dat hulle nie kan oorleef nie.
- Temperatuurveranderinge kan ook plae of siektes meebring wat diere doodmaak

### Uitwerking op lewensbestaan

- Erge weer kan diere en plante doodmaak, wat mense se lewensbestaan kan beïnvloed.
- Gebrek aan toegang tot die nodige dienste kan dit moeiliker maak om van 'n hewige storm te herstel.

### Gesondheid

- Lugbesoedeling sal meer asemhalingsprobleme tot gevolg hê.
- Voedselonsekerheid kan tot hongersnood en wanvoeding lei, saam met waterskaarste en swak watergehalte.
- Die verspreiding van meer of verskillende siektes kan veroorsaak word deur veranderinge in klimaat soos humiditeit of hitte.

### Kulturele bedreigings

- Impakte op die plante en diere wat in die natuur voorkom in jou area kan beteken dat dit moeiliker sal word om sekere rituele te beoefen, of 'n bestaan te verdien.

## Oefening

### VOORBEELDE VAN ANDER TIPES IMPAKTE

***Kan jy aan ander impakte dink benewens dié wat gelys is?***

*Byvoorbeeld: omgewings- of fisies (oorbevolking van ruimtes), sosiale toestande (afbreek van gemeenskapstrukture, mense wat wegtrek), impak op kultuur of tradisies*

*Hoofstuk 2*

# KLIMAATSVEERKRAGTIGE GEMEENSKAPPE

Sekere toestande kan 'n gemeenskap meer kwesbaar maak vir die impak van klimaatsverandering, maar daar is maniere om daardie kwesbaarheid te verminder.

Wanneer 'n gemeenskap "**klimaatsbestand**" is, beteken dit dat die gemeenskap en sy natuurlike omgewing sommige van die impakte van klimaatsverandering kan **VERMY** en **ABSORBEER**, en ook dat dit kan **REAGEER** op en **AANPAS** by die impak van klimaatsverandering.

Veerkragtigheid beteken die versterking van die vermoë van menslike en nie-menslike stelsels om veranderinge in die aarde se klimaat te weerstaan en daarop te reageer.

**Veerkragtigheid word nie net ontwikkel deur veranderinge aan jou fisiese omgewing aan te bring of as 'n gemeenskap saam te werk nie, maar ook deur geregtelike bemagtiging. Geregtelike bemagtiging sluit in kennis van jou regte, die gebruik om die reg om veranderinge aan jou gemeenskap en omgewing aan te bring, en die besluite wat deur die regering geneem word (in verband met klimaatsverandering) te beïnvloed.**

In Suid-Afrika en ander ontwikkelende lande is die fokus grootliks op hoe gemeenskappe kan aanpas by klimaatsimpakte. Soos voorheen bespreek, beteken dit om aanpassings aan die omgewing, aan die fisiese infrastruktuur, aan ekonomiese stelsels of aan maatskaplike beleide/stelsels te maak, sodat die impak van klimaatsverandering weerstaan kan word.

**Hierdie werkboek gaan nie fokus op hoe om fisiese, omgewings- of ekonomiese veranderinge te maak nie. In plaas daarvan is dit gefokus op maniere waarop gemeenskappe die wet kan gebruik om veerkragtigheid te bou. Ons noem dit "Klimaatsaksie".**

Kom ons begin deur te oorweeg wat dit beteken om aanpassingsaksies te neem, en hoe dit bydra tot die bou van 'n "klimaatsveerkragtige gemeenskap" en 'n " geregtelike bemagtigde" een.

## Klimaatsaanpassing

Klimaatsaanpassing het ten doel om die risiko's wat die gevolg is van klimaatsverandering te verlaag, deurdat mense hul fisiese omgewing, huise, lewenstyl, lewensbestaan en maniere van werk aanpas. Aanpassingsmaatreëls kan vooraf beplan word of spontaan ingestel word om impakte wat skielik ontstaan, te hanteer. Aanpassingsmaatreëls sluit byvoorbeeld in grootskaalse veranderinge in infrastruktuur soos die verdediging van

geboue en huise teen stygende seevlakke, of die verbetering van die kwaliteit van paaie om warm temperature beter te kan hanteer.

Aanpassingsmaatreëls kan ook gedragsgerig wees, byvoorbeeld deur mense aan te moedig om minder water te gebruik of om boere te motiveer om verskillende gewasse aan te plant. Aanpassing is 'n gedeelde verantwoordelikheid tussen regerings, besighede, huishoudings, gemeenskappe en individue.

Klimaatsaanpassing is dus 'n reaksie op potensiële impakte van klimaatsverandering wat kan help om 'n gemeenskap se kwesbaarheid (die ware maatstaf van hoeveel 'n risiko 'n gemeenskap is) te verminder. Klimaatsaanpassing help individue, gemeenskappe en organisasies om die gevolge van klimaatsverandering wat nie vermy kan word deur praktiese aksies te neem of hul veerkragtigheid te versterk nie, beter te kan hanteer.

## GEVALLESTUDIE: KLIMAATSAANPASSING

Het jy al gehoor van "***The Boy Who Harnessed the Wind***"? Hierdie rolprent is verwerk uit 'n ware lewensverhaal deur William Kamkwamba en Bryan Mealer. Hierdie opsomming kom uit die Wikipedia:[2]

"William Kamkwamba, gebore in Kasungu, Malawi, is 'n jong skoolseun uit 'n familie van boere wat in die nabygeleë dorpie Wimbe woon. William is gedurig besig om radio's vir sy vriende en bure reg te maak en spandeer sy vrye tyd om deur die plaaslike rommelwerf te soek vir herwinbare elektroniese komponente. Alhoewel hy verhoed word om skool by te woon weens sy ouers se onvermoë om sy klasgeld te betaal, pers William sy wetenskaponderwyser (wat in 'n geheime verhouding met William se suster is) af om hom toe te laat om voort te gaan om sy klas by te woon en hom toegang te gee tot die skool se biblioteek. Daar studeer hy elektriese ingenieurswese en energieproduksie.

Teen die middel van die 2000's het hongersnood William se dorpie verwoes. Droogte het gelei tot mislukte oeste, en die swaarkry het onluste oor die regeringsrantsoenering ontlok. Die gevolg was dat William se familie beroof is van hul reeds karige graanvoorraad. Mense het die dorpie verlaat, en William se suster het gevlug saam met sy voormalige onderwyser om haar gesin "een mond minder te laat om te voed".

Met die droom om sy dorpie van droogte te red, het William 'n plan beraam om 'n windpomp te bou. William het 'n klein prototipe gebou wat suksesvol gewerk het, maar om 'n groter windpomp te bou, was dit nodig dat William se pa, Trywell, toestemming gee dat die gesinsfiets vir onderdele uitmekaar gehaal word. Dit was die enigste fiets op die dorp en die gesin se laaste groot bate. Sy pa het geglo die plan sou nie werk nie en het die prototipe vernietig en William gedwing om in die veld te swoeg. Nadat William se hond van honger dood is en hoop verlore blyk te wees, gryp William se ma, Agnes, in en spoor sy pa aan om te heroorweeg. William en sy pa versoen nadat William sy hond begrawe het. Met die hulp van sy vriende en die paar oorblywende lede van die dorp bou hulle 'n volgrootte windpomp wat daartoe lei dat 'n suksesvolle oes gesaai word.

Woord van William se windpomp het versprei en hy het 'n beurs gekry om skool klaar te maak. Uiteindelik het hy 'n graad van Dartmouth College ontvang."

[2]See https://en.wikipedia.org/wiki/The_Boy_Who_Harnessed_the_Wind.

? ***Kan jy identifiseer watter aksies deur William en sy vriende geneem is om die gemeenskap meer veerkragtig te maak?***

# Oefening

## AANPASSINGSTRATEGIEË

*Verwys na die potensiële impakte van klimaatsverandering wat hierbo bespreek is en gee voorbeelde van aanpassingstrategieë wat die gevolge van klimaatsverandering kan verminder.*

| Potensiële impak | Aanpassingstrategie |
|---|---|
| | |

## 'N KLIMAATSVEERKRAGTIGE GEMEENSKAP IS 'N GEMEENSKAP WAT…

- Geïdentifiseer het waar hulle kwesbaar is vir klimaatsverandering, en toegang het tot ondersteuning en dienste om hulle te help om hul kwesbaarhede te oorkom.
- Eienaarskap en/of toegang het tot die grond waarop hulle woon.
- Sterk leierskapfigure en goeie besluitnemingstrukture het.
- Hul tradisionele kennis en mondelinge geskiedenis gebruik.
- Toegang het tot hulpbronne en befondsing wat gebruik kan word om te reageer op die skadelike gevolge van klimaatsverandering.
- Verteenwoordigende liggame of strukture het wat klimaatsaksie kan ondersteun.
- Saam werk om mekaar te ondersteun en gesamentlik te reageer op die skadelike gevolge van klimaatsverandering.
- Gemeenskaplike waardes en werkswyses het om die impak van klimaatsverandering aan te spreek. Byvoorbeeld, 'n gemeenskap mag dalk verantwoordelikhede deel, of hulle mag verskillende vaardighede en hulpbronne hê wat saamgesit en gedeel word.
- In staat is om toegang te verkry tot bekostigbare bronne van voedsel (wat self gekweek kan word of van ander gekoop kan word) en toegang het tot waterbronne vir boerdery en huishoudelike gebruik.
- In staat is om toegang te verkry tot nie-besoedelende energiebronne en toegang tot energiebronne kan kry in noodgevalle.
- Geregtelik bemagtig is.

## 'N GEREGTELIK BEMAGTIGDE GEMEENSKAP IS 'N GEMEENSKAP WAT...

- Hul regte ken en strategieë het om daardie regte te verwesenlik.
- Bemagtig en selfversekerd genoeg voel om deel te neem aan regsprosesse en besluitneming.
- Toegang het tot politieke of institusionele strukture wat op die gemeenskap se klimaat kwesbaarhede en noodgevalle kan reageer en dit kan oplos.
- Deurlopend inligting en terugvoer oor hierdie politieke of institusionele strukture kan verskaf.
- Mag besluit om by ander bewegings en veldtogte aan te sluit wat omgewingsbesoedelaars en diegene wat bydra tot die klimaatkrisis uitdaag.
- Bewus is van verskillende hulpbronne en organisasies wat hulle kan bystaan.
- Die vermoë het om toestemming te gee in deelnameprosesse waar die uitkomste hul kwesbaarhede of vermoë om aan te pas kan beïnvloed.
- In staat is om te skakel met verkose verteenwoordigers.
- In staat is om toegang te verkry tot die regering en ander hulpbronne vir klimaatsaanpassing en klimaatsnoodgevalle.
- In staat is om die regering en instellings aanspreeklik te hou wanneer hulle nie die ondersteuning en hulpbronne verskaf wat hulle kragtens die wet veronderstel is om te verskaf nie.
- In staat is om die regering aanspreeklik te hou vir die besluite wat hulle neem.

## 'N BEMAGTIGDE EN VEERKRAGTIGE GEMEENSKAP

**Resilient** = Veerkragtig

**R** Herken hul kwesbaarhede, maar ook hul sterk punte

**E** Is bemagtig om hul regte te ken en dit te gebruik

**S** Deel waardes, kennis en hulpbronne binne die gemeenskap

**I** Is ingelig en kan toestemming gee wanneer besluite geneem word

**L** Is bewus van die toepaslike wette en betrokke by prosesse waar deelname plaasvind

**I** Glo in die toekoms van hul gemeenskap en die aarde

**E** Gebruik hul bewustheid van hul regte en kennis wanneer hulle betrokke raak by besluitneming

**N** Behou 'n verbintenis tot geregtigheid wanneer daar met institusionele strukture gewerk word

**T** Neem klimaatsaksie

# Besinning

## VOORBEELDE VAN ANDER TIPES IMPAKTE

**Oorweeg elk van die elemente van R.E.S.I.L.I.E.N.T. gemeenskappe. Sodoende kan jy sien hoe veerkragtig jy en jou gemeenskap op hierdie stadium is. Dit sal jou help om areas te identifiseer wat jy dalk beter wil verstaan, of waar jy dalk spesifieke aksie wil neem. Jy kan hierdie oefening op 'n later stadium herbesoek om te sien of iets verander het.**

1. Het jy jou kwesbaarhede en jou sterk punte geëvalueer?
2. Ken jy jou regte en hoe om dit te gebruik?
3. Deel jou gemeenskap dieselfde waardes? Deel gemeenskapslede hul kennis en hulpbronne met mekaar?
4. Kry jy toegang tot alle inligting voordat 'n belangrike besluit deur die owerhede geneem word, en kan jy vrae vra? Vra die owerhede of ontwikkelaars vir jou toestemming voor hulle voortgaan met hul planne?
5. Bly iemand in jou gemeenskap op hoogte van veranderinge in die wet? Neem jou gemeenskap deel aan openbare prosesse rakende ontwikkelings of ander bedreigings vir jou mense- of omgewingsregte?
6. Glo jou gemeenskapslede aan die toekoms van hul gemeenskap sowel as die van die aarde? Indien nie, hoe dink jy kan die gemeenskap beter doen?
7. Werk jou gemeenskap saam met mense wat besluite neem (soos byvoorbeeld politici)?
8. Het jou gemeenskap 'n begrip van hoe die betrokke institusionele strukture werk, en gebruik jou gemeenskap hierdie strukture?
9. Neem jou gemeenskap klimaatsaksie?

*Hoofstuk 3*

# SUID-AFRIKA EN KLIMAATSVERANDERING

## Suid-Afrika se klimaatsverandering kwesbaarhede

Suid-Afrika is meer kwesbaar vir die impak van klimaatsverandering as ander lande vanweë sy unieke globale posisie. Daar is bewyse dat ekstreme weersomstandighede reeds besig is om in frekwensie en skaal toe te neem. Byvoorbeeld, in 2017 het die Suid-Afrikaanse weerdiens voorspel dat die land twee keer so vinnig sal opwarm as die wêreldgemiddelde. Met ander woorde, Suid-Afrika kan meer rampe verwag as niks gedoen word om aan te pas by die impak van klimaatsverandering nie.

Dit is goed om te weet dat die land maatreëls tref om te beplan vir en te reageer op die impak van klimaatsverandering. Daar is reeds werk onderweg met betrekking tot die bestuur van waterbronne, beplanning vir die potensiële impak op landbouproduksie, en om te verseker dat plaaslike regerings in staat is om die risiko van ekstreme gebeurtenisse soos vloede en droogtes te verminder.

## Wat doen Suid-Afrika omtrent koolstofvrystellings?

Met die uitsondering van kernkrag en 'n klein hoeveelheid gas en hernubare energie, maak Suid-Afrika steeds sterk staat op steenkoolkragstasies om energie op te wek. Die land is tans een van die voorste bydraers van kweekhuisgasvrystellings in die wêreld en sy koolstofvrystellings was die veertiende hoogste ter wêreld volgens 2017-syfers (*http://www.globalcarbonatlas.org/en/CO2-emissions*).

Ten spyte van die behoefte om sy kweekhuisgasvrystellings te verminder, gaan die regering voort om 'n koers te ondersteun wat afhanklik is van steenkoolontginning en die verbranding van fossielbrandstowwe om aan sy energiebehoeftes te voorsien. Daar is ook 'n neiging tot toenemende olie- en gasbeleggings.

? ***Woon jy naby 'n steenkoolmyn of steenkoolkragstasie?***

? ***Is jy bewus van enige olie- of gasontwikkelings naby jou, of wat jou kan raak?***

Klimaatsaksie kan 'n geleentheid vir Suid-Afrika bied om sy internasionale verpligtinge na te kom. Suid-Afrika is een van die mees ongelyke samelewings ter wêreld, en die aanspreek van armoede bly een van die grootste uitdagings. 'n Regverdige oorgang,

met die klem op klimaatsaanpassing en "groen werksgeleenthede", sal die uitdagings van armoede, werkloosheid en ongelykheid aanspreek. Terwyl die regering besig is om beleide en planne te formuleer, moet ons fokus op openbare deelname sodat effektiewe implementering van hierdie planne binne gemeenskappe verseker word.

## GEVALLESTUDIE: "DAG NUL" IN KAAPSTAD

Nie so lank gelede nie het die Wes-Kaap 'n waterkrisis beleef ná 'n volgehoue tydperk van watertekorte en swak reënval. Dit het veral 'n impak gehad op die grootste stad in die area, Kaapstad. Alhoewel damwatervlakke sedert 2015 afgeneem het, het die krisis 'n hoogtepunt bereik tussen middel-2017 en 2018. Laat in 2017 is planne vir "Dag Nul" oftewel "Day Zero" die eerste keer bekend gemaak, 'n verwysing na die dag wat die watervlak van die groot damme wat die stad voorsien tot onder 'n kritieke persentasie sou daal. "Dag Nul" sou die begin van Vlak 7-waterbeperkings aandui. Op hierdie vlak sou munisipale watertoevoer grootliks afgeskakel word en inwoners sou moes toustaan vir 'n daaglikse rantsoen water. Dit sou Kaapstad die eerste groot stad ter wêreld maak wat moontlik sonder water sou wees.

Die stad het beduidende waterbeperkings geïmplementeer om watergebruik te beheer, en het daarin geslaag om sy daaglikse waterverbruik in Maart 2018 met meer as die helfte (tot ongeveer 500 miljoen liter per dag) te verminder. Die afname in waterverbruik, gekombineer met goeie reën in Junie 2018, het uiteindelik gehelp om damvlakke te verhoog en die stad kon sy skatting vir "Dag Nul" uitstel. In September 2018, sodra damvlakke van 70% kapasiteit bereik is, het die stad begin om waterbeperkings te lig. Daar is vasgestel dat die ergste van die krisis verby was.



Theewaterskloof Dam, 'n belangrike toevoerdam vir Kaapstad.
Foto: Ashraf Hendricks van *GroundUp*, ***https://www.groundup.org.za/article/photos-cape-towns-water-crisis/***

## Oefening

### IS DIT MOONTLIK DAT JOU GEMEENSKAP 'N "DAG NUL" SAL BELEEF?

Op watter maniere dink jy kan 'n "Dag Nul"-waterkrisis jou en jou gemeenskap raak? Dink jy 'n waterkrisis sal heel moontlik gebeur? As 'n krisis sou plaasvind, hoe voorbereid is jy en jou gemeenskap? Wat dink jy kan die regering doen om te beplan en te voorkom dat iets soortgelyks weer gebeur? Wat dink jy kan burgers doen?

# Suid-Afrika se internasionale klimaatsverpligtinge

Suid-Afrika het die volgende internasionale ooreenkomste onderteken en bekragtig: die 1992 Verenigde Nasies se Raamwerkkonvensie oor Klimaatsverandering (*UNFCCC*); die 1997 Kyoto-protokol en die 2016 Parys-ooreenkoms. Kragtens hierdie raamwerke het die land sekere beloftes en teikens gestel, insluitde die aansienlike vermindering van sy koolstofvrystellings teen 2030. Desnieteenstaande het die organisasie "Climate Action Tracker" Suid-Afrika se vordering na verlaagde koolstofvrystellings as "**Hoogs onvoldoende**" bestempel (*https://climateactiontracker.org/countries/south-africa/*).

Internasionale wette is nie bindend nie, tensy dit in die plaaslike wetgewing geïnkorporeer word deur wette of hofbeslissings. Internasionale reg kan nuttig wees wanneer dit in die hof geargumenteer word en prokureurs sal dikwels na die besluite van ander lande verwys wanneer hulle probeer om 'n saak te wen. In Suid-Afrika het ons 'n aantal wette en regulasies wat aanvaar is, deels om uitvoering te gee aan die land se internasionale verpligtinge. Daar is byvoorbeeld beperkings op die vlak van kweekhuisgasvrystellings wat vrygestel mag word, en nywerhede word verwag om te registreer en verslag te doen oor hul vrystellings.

Daar kan egter ook politieke gevolge wees (bv. sanksies) as 'n land nie sy internasionale verpligtinge nakom nie.

## GEVALLESTUDIE: DIE GEBRUIK VAN INTERNASIONALE VERPLIGTINGE OM DIE NEDERLANDSE REGERING TE DWING OM KWEEKHUISGASVRYSTELLINGS TE VERMINDER

Die Nederlandse regering het tot 2011 ‘n beleid gevolg wat ‘n vermindering van 30% van kweekhuisgasvrystellings vereis het teen 2020. Later het die regering die beleid verander en sy teiken tot 20% verlaag. Geen verduideliking is vir hierdie verandering verskaf nie.

In 2015 het die Urgenda-stigting, ‘n Nederlandse omgewingsgroep wat ‘n volhoubare samelewing wil skep, saam met 900 Nederlandse burgers, die Nederlandse regering hof toe geneem. Hulle het aangevoer dat die regering se nuwe beleid oor klimaatsverandering onvoldoende was en nie ambisieus genoeg was nie. Hulle het wetenskaplike bewyse ingesamel om te demonstreer dat hoër verminderingsteikens nodig is om klimaatsverandering doeltreffend aan te pak. Met hierdie sterk wetenskaplike bewyse het hulle die Distrikshof in Den Haag genader en die regter gevra om die regering te beveel om sy verminderingsteiken te verhoog.

Die Distrikshof het beslis dat die Nederlandse regering ‘n wetlike plig het om sy burgers te beskerm teen die huidige en toekomstige gevare van klimaatsverandering. Die hof het die regering beveel om onmiddellik op te tree en kweekhuisgasvrystellings teen 2020 met 25% te verminder.

Die regering het geweier om hierdie bevel te aanvaar en het teen die uitspraak na die Appèlhof geappelleer. Die Appèlhof het met die Distrikshof saamgestem en die eerste uitspraak bekragtig en gesê dat die regering menseregte sou skend as dit nie vrystellings verminder met 25% teen 2020 nie. Die regering het hierdie tweede uitspraak onsuksesvol na die Hooggeregshof geappelleer, wat die staat beveel het om ‘n meer ambisieuse teiken aan te neem en bevind het dat die regering se versuim om verantwoordelikheid te aanvaar vir Nederland se bydrae tot die klimaatkrisis ‘n verbreking van sy verpligtinge kragtens die Europese Konvensie oor Menseregte was.




© Foto: *The Guardian*

# Suid-Afrika se grondwetlike regte

Suid-Afrika se Grondwet is die hoogste wet van die land. Alle ander wette en beleide, sowel as enigiets wat deur die regering gedoen word, moet daarby aansluit. Ons het reeds gekyk na die talle grondwetlike regte wat deur klimaatsverandering geraak kan word. Om uitvoering aan hierdie regte te gee, bestaan daar baie wette en regulasies, wat ingelig en ondersteun word deur planne en beleide. Boonop beslis die howe dikwels oor die wyse waarop hierdie wette geïmplementeer word, en hierdie uitsprake vorm deel van ons reg.

Die Grondwet sit 'n aantal fundamentele regte uiteen wat gehou word deur ALLE mense wat in Suid-Afrika woon, asook 'n paar wette wat slegs op burgers van toepassing is. Die impak van klimaatsverandering kan die verwesenliking van sommige van hierdie regte bedreig:

### Omgewingsreg (artikel 24)

Elkeen het die reg op 'n omgewing wat nie skadelik is vir mense se gesondheid en welstand nie. Daar word van die regering verwag om stappe te neem om uitvoering aan hierdie reg te gee.

*Die manier waarop hierdie reg saamgestel word, volg 'n benadering waar die mens in die middel is, en die omgewing dus nie vanuit sy eie reg beskerm word nie. Om die omgewing egter optimaal te laat funksioneer, en om te verseker dat dit in die toekoms steeds goed funksioneer, moet dit in sy eie reg ook gesond wees.*

*Regoor die wêreld betwis mense hierdie mensgesentreerde benadering, en hulle vra dat howe en regerings erken dat die omgewing, en dele van die omgewing (soos byvoorbeeld woude en riviere), hul eie regte het wat beskerm moet word. Dit staan bekend as "**die regte van die natuur**".*

Sien die gevallestudie hieronder oor die regte van die Amasone-woud.

### Reg op lewe (artikel 11)

Almal het die reg op lewe.

### Reg op waardigheid (artikel 10)

Almal het waardigheid en almal het die reg dat hul waardigheid gerespekteer en beskerm word.

### Reg op gesondheidsorg, voedsel, water en maatskaplike sekuriteit (artikel 27)

Almal het die reg op toegang tot gesondheidsdienste, voldoende voedsel en water en sosiale sekerheid. Daar word van die regering verwag om stappe te doen om uitvoering aan hierdie reg te gee.

### Kinderregte (artikel 28)

Elke kind het onder andere die reg op basiese voeding, skuiling, gesondheids- en maatskaplike dienste.

### Reg om te protesteer (artikel 17)

Almal het die reg om vreedsaam en ongewapen byeen te kom, te betoog en petisies in te dien.

### Vryhede

- Elkeen het die reg op vryheid van gewete, geloof, denke, oortuiging en opinie (artikel 15)
- Elkeen het die reg op vryheid van uitdrukking, insluitende die vryheid om inligting te ontvang (artikel 16)
- Elkeen het die reg op vryheid van assosiasie (artikel 18).
- Elkeen het die reg op vryheid van beweging (artikel 21).
- Elke burger het die reg om hul ambag of beroep te kies (artikel 22).

## Oefening

### IMPAK VAN KLIMAATSVERANDERING OP REGTE

Neem 'n bietjie tyd om na te dink oor die moontlike impak van klimaatsverandering op elk van hierdie regte. Op watter maniere word jou regte aangetas?

## GEVALLESTUDIE: REGTE VAN DIE COLOMBIAANSE AMASONE

Ontbossing dra by tot klimaatsverandering. Daar is twee maniere waarop dit gebeur: 1) Bome wat natuurlik skadelike kweekhuisgasse uit die atmosfeer trek, gaan verlore tydens ontbossing; 2) Wanneer bome verbrand word, word skadelike vrystellings in die atmosfeer vrygestel. Daarom verminder ontbossing die natuurlike proses waarby koolstof geberg word en stel ook koolstof in die atmosfeer vry. Dit versnel dus die proses van klimaatsverandering.

Die Colombiaanse regering het hom internasionaal en nasionaal daartoe verbind om kweekhuisgasse te verminder en het ook gewaarborg dat wanneer kweekhuisgasse vrygestel word in die proses van ontbossing, dieselfde hoeveelheid kweekhuisgasse uit die atmosfeer getrek sal word.

Ten spyte van hierdie verpligtinge het ontbossing in die daaropvolgende jare met 44% in Colombia toegeneem. Dit het 'n groep van 25 kinders en jong volwassenes, tussen die ouderdomme van 7-25, aangespoor om die saak hof toe te vat en die president van Colombia saam met verskeie regeringsdepartemente en munisipaliteite te dagvaar vir hul versuim om ontbossing in die Colombiaanse Amasone te verminder. Voor 'n distrikshof het hulle aangevoer dat ontbossing hul grondwetlike regte op 'n gesonde omgewing, lewe, kos en water skend.

Die Distrikshof het die saak van die hand gewys. Die jeuggroep het toe hierdie besluit voor die Colombiaanse Hooggeregshof betwis. Dié hof het met hul eise saamgestem. Dit het bevind dat die toenemende vernietiging van die omgewing, insluitend die voortdurende ontbossing van die Amasone, 'n ernstige aanval op huidige en toekomstige lewe uitmaak. Dit het bevind dat ontbossing bydra tot klimaatsverandering, wat skade aan die omgewing self en die mense wat daarin woon veroorsaak.

Om die Amasone te beskerm, het die hof die Amasone as 'n "onderwerp van regte" erken. Dit beteken dat die Amasone, net soos 'n persoon, sekere regte het. Een van hierdie regte is die reg om deur die staat beskerm te word. Die hof het verskeie bevele aan die regering en plaaslike munisipaliteite uitgereik wat daarop gemik was om ontbossing te verminder. Alhoewel die bevele grootliks onvervuld bly, is die uitslag van die hofsaak as 'n sukses beskou omdat dit bygedra het tot die erkenning van die regte van die natuur en daar word gehoop dat die uitspraak die natuur se posisie in die hof in die toekoms sal versterk.




© Colombiaanse jeugdiges wat die regering suksesvol gedagvaar het. Foto: *Change Generation Rising*

# ‘n Oorsig van Suid-Afrika se wette met betrekking tot klimaatsverandering

Hierdie afdeling bied ‘n opsomming van wette wat dalk nuttig kan wees indien jy en jou gemeenskap klimaatsaksie wil neem. Sommige van die besonderhede word in die volgende hoofstuk bespreek.

## WETGEWING

Daar is baie wette in Suid-Afrika wat bepaal of projekte wat die klimaat mag beïnvloed kan voortgaan al dan nie, en sommige verbind mense en maatskappye tot spesifieke standaarde. Hierdie wette maak ook voorsiening vir afdwingingsaksie indien hulle nie nagekom word nie.

Alhoewel dit nodig is om hierdie wette in plek te hê, bevraagteken baie mense of die wette goed genoeg is, of die standaarde hoog genoeg is en of die wette toepaslik geïmplementeer word.

| Wetgewing | Hoe dit ons klimaat en ekosisteme beskerm |
|---|---|
| Nasionale Omgewingsbestuurs Wet, 107 van 1998 | • Oorkoepelende wetgewing vir omgewingsbestuur.<br>• Skep ‘n sorgsaamheidsplig om die omgewing te beskerm.<br>• Vereis dat Omgewingsimpakstudies vir sekere ontwikkelings en aktiwiteite gedoen word (soos byvoorbeeld mynbou, kragstasies, windplase, of aktiwiteite wat lugbesoedeling kan veroorsaak).<br>• Skep ‘n stelsel waardeur omgewingsbestuursinspekteurs die wet kan handhaaf. |
| Nasionale Omgewingsbestuurs: Wet op Luggehalte, 39 van 2004. Sluit die volgende Regulasies in:<br>- Regulasies oor Lug Dispersiemodellering<br>- Nasionale Besoedeling Voorkomingsplan Regulasies<br>- Nasionale Atmosferiese Vrystellings Rapporterings Regulasies<br>- Nasionale Kweekhuisgasvrystellings Rapporterings Regulasies<br>- Regulasies wat aan gelyste aktiviteite verbonde is | • Stel vrystellingsbeperkinge vir aktiwiteite wat lugbesoedeling mag veroorsaak.<br>• Vereis atmosferiese vrystellingslisensies vir aktiwiteite wat lugbesoedeling mag veroorsaak.<br>• Vereis dat sekere vrystellers hul kweekhuisgasvrystellings rapporteer. |

| | |
|---|---|
| **Nasionale Omgewingsbestuurs: Wet op Afval, 59 van 2008. Sluit die volgende Regulasies in:**<br>- Lys van afvalbestuuraktiwiteite<br>- Nasionale Afvalinligting Regulasies<br>- Regulasies vir afvalklassifikasie en -bestuur<br>- Verskeie norme en standaarde<br>- Regulasies vir afvalbande | • Reguleer afvalaktiwiteite wat omgewingsbesoedeling en -agteruitgang veroorsaak en gemeenskapsveerkragtigheid beïnvloed.<br>• Vereis afvalbestuurlisensies of nakoming van norme en standaarde.<br>• Maak voorsiening vir 'n afvalinligting rapporteer stelsel. |
| **Nasionale Omgewingsbestuurs: Wet op Beskermde Gebiede, 57 van 2003** | • Skep 'n sisteem van beskermde areas om grond en biodiversiteit te beskerm. |
| **Nasionale Omgewingsbestuurs: Wet op Biodiversiteit, 10 van 2004** | • Beskerm ekosisteme en spesies.<br>• Beskerm inheemse kennis.<br>• Vereis permitte vir sekere aktiwiteite waarby beskermde spesies betrokke is.<br>• Plaas verpligtinge op grondeienaars om uitheemse en indringerspesies te beheer en uit te roei. |
| **Nasionale Waterwet, 36 van 1998** | • Maak voorsiening vir spesiale bestuur van die kus.<br>• Reguleer besoedeling ter see.<br>• Vereis 'n permit vir die storting van uitvloeisel na die see. |
| **Wet op Koolstofbelasting, 15 van 2019** | • Plaas 'n belasting op vrystelling van koolstof in die atmosfeer bo 'n vasgestelde limiet. |
| **Wet op Rampbestuur, 57 van 2002** | • Maak voorsiening vir rampreaksiemeganismes en hulpbronne. |
| **Nasionale Omgewingsbestuurs: Wet op Geïntegreerde Kusbestuur, 24 van 2008** | • Maak voorsiening vir spesiale bestuur van die kus.<br>• Reguleer besoedeling van die see.<br>• Vereis 'n permit vir die storting van uitvloeisel na die see. |
| **Klimaatsverandering Wetsontwerp (het nog nie in werking getree nie)** | • Benodig meer regeringsplanne en beleide.<br>• Maak voorsiening vir 'n nasionale kweekhuisgasvrystellingskoers, sektorale vrystellingsteikens en 'n sektor-vrystellingsverminderingsplan wat voorskryf hoe elke sektor die sektorale vrystellingsteikens binne 5 jaar sal bereik.<br>• Maak voorsiening vir koolstofbegrotings en versagtingsplanne.<br>• Maak voorsiening vir 'n plan vir die af- of uitfasering van sintetiese (dit wil sê mensgemaakte) kweekhuisgasse soos hidrofluoorkoolstowwe. |

## PLANNE EN BELEIDE

Die Suid-Afrikaanse regering het 'n aantal planne en beleide met betrekking tot klimaatsverandering in plek. Hierdie planne en beleide is nie direk afdwingbaar nie, maar stel 'n raamwerk vir implementering en die ontwikkeling van wette op.

| Beleid | Hoe dit ons klimaat en ekosisteme beskerm |
|---|---|
| Nasionale Ontwikkelingsplan en Medium-Term Strategiese Raamwerk | • Toegewyd aan die opstel van 'n plan vir 'n regverdige oorgang in terme van klimaatsverandering. |
| Geïntegreerde Hulpbronplan | • Bepaal die energiemengsel vir Suid-Afrika se toekoms (d.w.s. watter persentasie steenkool, kernkrag en hernubare energie die regering sal aankoop om elektrisiteit te voorsien). |
| Nasionale Klimaatsverandering Reaksie Wit Papier | • Skets die regering se visie t.o.v Suid-Afrika se reaksie op klimaatsverandering, insluitend sy benadering tot aanpassing en versagtingsmaatreëls. |
| Nasionale Klimaatsverandering Aanpassingstrategie | • Stel die regering se klimaatsverandering aanpassingsdoelwitte uiteen.<br>• Beskryf die land se kwesbaarhede en planne om sodoende kwesbaarheid te verminder en geleenthede te versterk. |
| Nasionale Energiedoeltreffendheidstrategie, 2016 | • Hierdie beleid sit 'n raamwerk uiteen vir die vermindering van energieverbruik regoor Suid-Afrika. |

* Sommige provinsies en munisipaliteite het hul eie aanpassingsplanne en beleide.

## LISENSIES EN PERMITTE

Ontwikkelings wat moontlik tot klimaatsverandering kan bydra, of die impak van klimaatsverandering kan vererger, vereis gewoonlik lisensies of permitte voordat werk uitgevoer kan word. Dit is belangrik om te verstaan watter lisensies en permitte nodig is, sodat jy kan deelneem aan of beswaar kan maak teen ŉ aansoek (indien jy wil), en ontwikkelaars aanspreeklik hou wanneer hulle nie die nodige goedkeurings het nie.

Afhangende van watter tiepe ontwikkeling voorgestel word, word verskillende lisensies en permitte vereis. Sommige hiervan is:

- **Omgewingsmagtiging:** vir aktiwiteite wat onder die Nasionale Omgewingsbestuurs Wet gelys word (soos mynbou, kragstasies, windplase en lugbesoedelende aktiwiteite).
- **Atmosferiese vrystellingslisensie:** vir lugbesoedelende aktiwiteite gelys onder die Nasionale Omgewingsbestuurs: Wet op Luggehalte (soos 'n olieraffinadery of steenkoolkragsentrale).
- **Afvalbestuurslisensie of -registrasie:** vir afvalaktiwiteite wat onder die Nasionale Omgewingsbestuurs: Wet op Afval gelys word (soos 'n stortingsterrein of afvalbergingsfasiliteit).
- **Erfenisgoedkeuring:** vir aktiwiteite wat 'n impak op erfenis kan hê (byvoorbeeld ontwikkeling waar erfenishulpbronne geraak kan word).
- **Watergebruiklisensie of -registrasie:** vir watergebruike gespesifiseer in die Nasionale Water Wet (soos die bou van 'n brug oor 'n waterloop of die onttrekking van water uit 'n boorgat of rivier).
- **Prospekteer- of mynreg of permit:** vir prospekteer- en mynaktiwiteite kragtens die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne, 28 van 2002.
- **Verkenning- of produksiereg:** vir olie- en gasontginningsaktiwiteite onder die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne.
- **Uitvloeiselpermit:** vir die wegdoen van nywerheidsuitvloeisel in munisipale riole.

*Hoofstuk 4*

# GEBRUIK DIE REG

1. **Versterk die gemeenskap:** Skep of gebruik leierskapstrukture binne jou gemeenskap om klimaatsaksies te ondersteun.
2. **Bevorder die saak**: Kommunikeer oor klimaatsaksie en nooi ander om jou te ondersteun.
3. **Versamel inligting:** Versamel inligting en bewyse vir huidige en toekomstige doeleindes.
4. **Toegang tot inligting:** versoek inligting oor besluite, prosesse en stelsels wat jou regte beïnvloed.
5. **Neem deel:** Wees deel van regeringsgedrewe prosesse en besluitnemingsgeleenthede.
6. **Dien versoeke in:** Bevorder jou regte om gehoor te word in regeringsruimtes, soos die Parlement en ander plekke waar wette gemaak word.
7. **Betoog:** Kom vreedsaam bymekaar om die aandag op klimaatsverandering te vestig.
8. **Teken 'n petisie op:** Versamel handtekeninge om jou klimaatsaksies te ondersteun.
9. **Rapporteer:** Rapporteer omgewingsoortredings aan die toepaslike owerhede.
10. **Neem regstappe:** Gebruik gereguleerde prosesse, soos beswaar aanteken en appèlle hef, en gaan hof toe as 'n laaste uitweg.

# 1. Versterk die gemeenskap

Skep of gebruik leierskapstrukture binne jou gemeenskap om aksies te ondersteun.

## Oefening

### IS MY GEMEENSKAP GEORGANISEERD?

✓ *My gemeenskap weet van klimaatsverandering.*

| Sterk nee | Nee | Miskien | Ja | Sterk ja |
|---|---|---|---|---|

✓ *My gemeenskap is bewus van watter impakte klimaatsverandering mag hê.*

| Sterk nee | Nee | Miskien | Ja | Sterk ja |
|---|---|---|---|---|

✓ *In my gemeenskap ken ons ons bure en help mekaar tydens noodgevalle.*

| Sterk nee | Nee | Miskien | Ja | Sterk ja |
|---|---|---|---|---|

✓ *My gemeenskap het goeie leierskapstrukture wat ek kan vertrou om besluite te neem in die beste belang van die gemeenskap.*

| Sterk nee | Nee | Miskien | Ja | Sterk ja |
|---|---|---|---|---|

✓ *Lede van my gemeenskap is welkom om vergaderings met raadslede of regeringsverteenwoordigers by te woon en daaraan deel te neem.*

| Sterk nee | Nee | Miskien | Ja | Sterk ja |
|---|---|---|---|---|

## GEVALLESTUDIE: VERNIETIGING VAN DIE OMGEWING LEI TOT "RED LAMU"

In 2008 het die Keniaanse regering begin met voorbereidings vir 'n groot vervoer- en infrastruktuurprojek om Kenia, Suid-Soedan en Ethiopië te verbind. Die projek het 'n hawe, spoorlyne, 'n steenkoolkragsentrale, 'n padnetwerk, oliepypleidings, 'n olieraffinadery, drie internasionale lughawens en drie oordstede ingesluit. Verskeie van hierdie komponente sou in die Lamu-streek van Kenia geleë wees.

Daar was verwag dat die projek ekonomiese ontwikkeling na die streek sou bring. Terselfdertyd was inheemse gemeenskappe bekommerd oor die negatiewe uitwerking wat die projek op hul lewensbestaan, kultuur en omgewing sou hê.

**Hierdie kommer het gelei tot 'n gemeenskapsinisiatief om plaaslike groepe en inwoners te verenig in 'n veldtog om die streek te red. Hieruit het "*Save Lamu*" oftewel "Red Lamu" gegroei. Aanvanklik het dit net 12 lede gehad, maar met die hulp van organisasies soos Natural Justice het Red Lamu 'n geregistreerde organisasie met meer as 40 lede geword. Hierdie lede het verteenwoordigers van inheemse gemeenskappe in die Lamu-streek ingesluit.**

Die Lamu Hawe-projek is amptelik in 2012 van stapel gestuur en het sommige inwoners onmiddellik gedwing om hul huise te verlaat. Die meeste van die inheemse bevolking in die Lamu-streek verdien 'n bestaan uit visvang langs die kuslyn en aangesien mangrovewoude - wat 'n broeiplek vir visse verskaf - verwyder is om plek te maak vir die hawe, het die visbevolking gedaal. Dit het tot gevolg gehad dat daar minder geleenthede was om 'n bestaan te maak uit visvang.

Red Lamu en ander eendersdenkende individue en organisasies het 'n hofsaak by die hooggeregshof van Kenia aanhangig gemaak. Die saak was gerig teen die partye betrokke by die ontwikkeling van die projek. Red Lamu het aangevoer dat die projek se ontwerp en implementering nasionale wetgewing oortree het, insluitend die Keniaanse Grondwet. Volgens hulle het die projek hul reg op 'n skoon en gesonde omgewing, hul kulturele en tradisionele visvangregte en hul reg op inligting geskend.

Die hof het hom by Red Lamu geskaar. Dit het talle bevele aan die projekontwikkelaars uitgereik, wat 'n bevel ingesluit het om die Lamu-gemeenskappe deurgaans te betrek by die ontwikkelingsproses. Die hof het bevind dat die gemeenskappe van inligting oor die projek voorsien moes word. Verder moes gemeenskappe die geleentheid gebied word om te sê hoe die projek hul kultuur beïnvloed en voorstelle te kan maak oor hoe hierdie negatiewe effekte verminder kan word. Daarbenewens het die hof finansiële vergoeding aan die plaaslike vissersgemeenskap toegeken vir die verlies van hul lewensbestaan.



# Oefening

## IS MY GEMEENSKAP GEORGANISEERD?

**Kyk na die antwoorde in die eerste oefening van hierdie afdeling. Lees ook deur die Lamu-gevallestudie. Kan jy die volgende vrae beantwoord?**

- Wie is my gemeenskapsleiers?
- Watter rol speel hulle om my by te staan met klimaatsaksie?
- Watter besluite het hulle in die verlede geneem wat my gemeenskap se weerstand teen klimaatsverandering mag beïnvloed?
- Is daar politieke strukture in die gemeenskap?
- Is daar tradisionele strukture in die gemeenskap?
- Hoe word hierdie strukture beheer en watter soort besluite neem hulle, of kan hulle neem?
- Is my gemeenskap deel van kollektiewe besluitneming?
- Hoe kan ek deelneem?
- Watter strategiese aksies het ander gemeenskappe geneem waaruit ek inspirasie kan neem?

? ***Oorweeg nou watter spesifieke dinge jy en jou gemeenskap kan doen om jou plaaslike leierskapstrukture te versterk.***

# 2. Voorspraakmaak

**Kommunikeer oor klimaatsaksie en nooi ander om jou te ondersteun.**

Voorspraak is die vermoë om jou behoeftes uit te druk en ingeligte besluite te neem oor die ondersteuning en hulpmiddels waartoe jy toegang kan kry om aan daardie behoeftes te voorsien. Voorspraak poog om te verseker dat alle mense, veral diegene wat die kwesbaarste in 'n gemeenskap is, in staat is om hul stemme sinvol te laat hoor.

### STAP 1) Beplan jou aksie

### STAP 2) Kry die feite

Leer alles wat jy kan oor die wet, jou gemeenskapskonteks, hoe klimaatsverandering jou kan beïnvloed en wat die regering beplan om te doen. Hou jou dokumente en bewyse op 'n veilige plek. Jou mag sal aan inligting gekoppel wees.

### STAP 3) Skep bewustheid

Hou gemeenskapsvergaderings om klimaatsverandering te bespreek. Reik uit na media soos koerante en radiostasies. Praat in die openbaar oor klimaatsimpakte wat deur jou en jou gemeenskap ervaar word. Praat met skoolkinders of ander groepe mense. As jy kan, versamel foto's en stories uit jou gemeenskap. Raak aktief betrokke by sosialemediaplatforms soos *Twitter* en *Facebook* om ander uit te nooi om by die klimaatsaksiegesprek aan te sluit. Skep 'n inklusiewe ruimte vir almal om hul menings uit te druk.

### STAP 4) Bou betrokkenheid

Sodra jy 'n sterk ondersteuningsbasis in jou gemeenskap het, wat kundig en gemobiliseer is, kan jy begin om betrokkenheid op te bou met die relevante owerhede of mense wat jy probeer beïnvloed. Oorweeg petisies, voorleggings en briewe. Skryf aan koerante en maak openbare verklarings.

### STAP 5) Moedig gesamentlike optrede aan

Reik uit na verskillende gemeenskappe, nie-regeringsorganisasies, nie-winsgewende organisasies, bewegings en veldtogte en vra hulle om jou optrede te ondersteun.

### STAP 6) Gaan so voort!

**Voorbeelde van platforms of hulpmiddels vir voorspraak sluit in (let wel hierdie lys is NIE omvattend nie):**

- Radio en televisie
- Plakkate, pamflette en koerante
- Toesprake en openbare voorleggings
- Openbare vergaderings
- Beïnvloeding van nasionale en plaaslike politici
- Optogte, betogings en parades
- Die vorming van koalisies of alliansies met plaaslike, staats- en nasionale organisasies
- Stakings of boikotte
- *YouTube*, *Facebook* en ander sosiale media

# Oefening

## VOORSPRAAK HULPMIDDELS

?

*Kan jy aan meer voorbeelde dink as dié wat gelys is?*

## GEVALLESTUDIE: HIDROBREKING IN DIE KAROO

In 2010 het die oliemaatskappy Shell aansoek gedoen vir 'n lisensie om aardgasbronne in die Karoo, 'n woestynstreek van Suid-Afrika, te verken. Indien toegestaan, sou die lisensie Shell toelaat om hidrobreking uit te voer, 'n proses wat gebruik word om gas te ontgin. Hidrobreking behels die pomp van groot hoeveelhede water gemeng met chemikalieë onder hoë druk in diep putte. Hierdeur kraak die skalierots en stel die gas vry.

Die welbekende bedreiging van hidrobreking en die negatiewe impak daarvan op die omgewing en die samelewing het gemeenskappe en organisasies verenig in 'n beweging om die uitreiking van die lisensie te stuit. Aanvanklik was slegs 'n paar gemeenskappe verteenwoordig by openbare vergaderings wat deur Shell se konsultante gehou is. Om die deelname van gemeenskappe by die verrigtinge te verhoog, het twee omgewingsorganisasies 'n reeks werkswinkels aan gemeenskapsgebaseerde organisasies in die Karoo aangebied. By hierdie werkswinkels het hulle inligting gedeel oor hidrobreking en omgewingsregte.

Gemeenskappe wat ingelig is oor hul regte en die moontlike gevolge van hidrobreking het talle saamtrekke georganiseer. Op *Global Anti-Fracking Day* het gemeenskapslede in die dorpie Nieu Bethseda in die Karoo bymekaargekom. Hulle het baniere teen hidrobreking gedra en verskeie deelnemers het in die openbaar teen hidrobreking uitgespreek. 'n Ander keer het gemeenskappe voor die Parlement in Kaapstad betoog om die aandag op hul bekommernisse te vestig.

Gemeenskapsgebaseerde organisasies het boonop wetlike middele nagestreef. Hulle het die geldigheid van regulasies wat die regering toelaat om lisensies toe te staan vir die verkenning van skaliegas betwis. Na jare se regsgeding het die Hoogste Hof van Appèl die regulasies onwettig verklaar en daardeur Shell se planne vir hidrobreking in Suid-Afrika gestuit.




© Betogers marsjeer teen die beplande hidrobreking in die Karoo. Foto: *WHISNews21*

# 3. Versamel inligting

**Versamel inligting en bewyse vir huidige en toekomstige doeleindes.**

Inligting en bewyse kom in baie vorms voor, soos byvoorbeeld, mondelinge geskiedenisse, gebruiklike kennis, foto's, kaarte, regeringspublikasies, koerant-/televisieverslae en akademiese artikels/studies/verslae oor klimaatsverandering-effekte. Die bewyse wat ingesamel word, moet kan uitwys dat die impak veroorsaak word as gevolg van nie-nakoming of skending van bepaalde wette of regte.


Dink aan:


- Watter soort inligting kan nuttig wees?
- Is daar iemand in jou gemeenskap wat 'n kennishouer is?
- As daar 'n plaaslike ontginnings- of infrastruktuurontwikkeling (soos 'n myn, 'n pyplyn of nywerheid) is, is daar 'n manier om besoedelingsgebeure waar te neem en aan te teken, of 'n manier om nakoming van lisensievoorwaardes na te gaan?
- Is daar 'n manier vir jou om inligting oor oortredings in te samel en te stoor wanneer dit plaasvind?
- Kan jy tegnologie en ander hulpmiddels gebruik om jou te help om inligting in te samel en te stoor?

  Byvoorbeeld, TIMBY, wat staan vir "***This Is My Back Yard***", is 'n toepassing vir jou selfoon wat 'n hulpmiddel is wat aktiviste en gemeenskappe. Dit help om stories veilig te rapporteer, te verifieer en te vertel.

  Lees meer oor TIMBY hier: *https://timby.org/features/*



## TRADISIONELE KENNIS EN KLIMAATSAKSIE

Die vaardighede, ervarings en kennis van inheemse mense en plaaslike gemeenskappe, wat oor jare ontwikkel het terwyl hulle by veranderende en veranderlike omgewings aangepas het, verskaf lesse en praktyke wat ontwikkel kan word in strategieë wat gemeenskappe kan help om by klimaatsverandering aan te pas.

Tradisionele kennis, ook bekend as inheemse of plaaslike kennis, is:

- Kollektiewe kennis of praktyke.
- Kan waargeneem word deur gemeenskaplike waardes en sosiale konvensies, etiese beginsels, godsdienstige oortuigings, rituele taboes, gebruike, innovasies en ander kulturele praktyke.
- Deel van die identiteit van 'n kulturele of inheemse gemeenskap.
- Die grondslag waarop gemeenskappe 'n volhoubare lewensbestaan voortbou in noue verbintenis met hul grond en natuurlike hulpbronne.
- Onderhou en oorgedra deur spesifieke lede van die gemeenskap. Hierdie lede sluit in aangewese geslagte, gerespekteerde ouer mense, kundige jagters of gemeenskapsgenesers.
- Oorgedra deur gebruiklike en tradisionele norme en wette wat die prosedures uiteensit wat gevolg moet word om toegang tot sulke kennis te verkry.
- Lewende kennis – ontwikkel en verfyn oor tyd en reageer op veranderinge in die sosiale, politieke en natuurlike omgewing.

Tradisionele kennis reageer op plaaslike omstandighede, en is respekvol vir die omgewing, gerig op volhoubare praktyke wat verseker dat biodiversiteit beskerm word en die omgewing kan voortgaan om aan die voeding-, materiële en ander behoeftes van die gemeenskap te voorsien. Vir daardie gemeenskappe wat van die plaaslike omgewing afhanklik is, kan tradisionele kennis hul beste reaksie op klimaatsverandering wees. Dit moet gerespekteer word, maar ook bevorder word. Inheemse mense en plaaslike gemeenskappe is baie belangrike agente van klimaatsaksie.

Aanpassingspraktyke wat deur tradisionele kennis ingelig word, sluit die volgende in:

- kuslynversterking
- verbeterde konstruksietegnologieë
- verbeterde watergehaltetoetsing; oes van reënwater
- aanvullende besproeiing
- landboustrategieë vir die beskerming van reënwater en waterskeidings
- veranderende praktyke en tye van jag en versamel
- diversifikasie van gewasse en lewensbestaan
- die gebruik van nuwe materiale

## GEVALLESTUDIE: DIE KHWE EN BRANDBESTUUR

Die Khwe, 'n inheemse gemeenskap wat in die Bwabwata Nasionale Park in Namibië woon, gebruik vuur as 'n inheemse grondbestuurspraktyk en -strategie. Tans lei tradisionele brandbestuurspraktyke tot 'n vroeë droëseisoenbrand, wat voordelig is vir die groei van gras en verskeie plaaslike plante. Die plante word geoes en geëet, of gebruik vir plaaslike materiaal, terwyl die gras gebruik word vir weiding deur beide beeste en plaaslike wild wat in die park woon.

Hierdie brandbestuurspraktyke is sentraal tot die Khwe se kulturele waardes. Dit is ook noodsaaklik vir die algehele bestuur van die park. Die verbranding word ook mettertyd aangepas namate die klimaat verander en die Khwe word erken as noodsaaklike akteurs binne die park, nie net vir hul manier om tradisionele kennis te gebruik om klimaatsaksie te neem nie, maar ook vanweë hoe hul tradisionele praktyke die ryk biodiversiteit van die park beskerm.

# Oefening

## VOORSPRAAK HULPMIDDELS

Kan jy aan voorbeelde dink van mense in jou gemeenskap wat dalk tradisionele, inheemse of plaaslike kennis besit? Oorweeg nou die volgende vrae:

? ***Watter soort kennis mag dit dalk wees (boerderypraktyke, water-oes, ens.)?***

? ***Hoe kan hierdie inligting bydra tot klimaatsaksie?***

? ***Hoe kan jy toegang kry tot hierdie kennis?***

# 4. Verkry toegang tot inligting

**Versoek inligting oor besluite, prosesse en stelsels wat jou regte beïnvloed.**

Die Grondwet gee aan elkeen 'n reg op toegang tot inligting wat deur die regering en ondernemings besit word (artikel 32). Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (*PAIA*), 2 van 2000, is die wet wat uitvoering gee aan hierdie reg.

Onder *PAIA* kan mens enige inligting versoek van:

1. 'n openbare liggaam (staatsinstelling, departement, munisipaliteit, ens.)
2. 'n private liggaam (maatskappy, nie-regeringsorganisasie ens.)

Jou reg op toegang tot inligting is nie afhanklik van die redes waarom jy die inligting benodig nie, maar wanneer jy inligting van 'n private liggaam versoek, moet jy uiteensit watter reg geraak word en hoekom jy die inligting benodig om daardie reg te beskerm.

Openbare liggame (en sommige private liggame) moet 'n handleiding hê wat uiteensit

- watter inligting beskikbaar is; en
- aan wie 'n versoek gestuur moet word.

Jy het ook die reg om te appelleer teen die besluit of jy toegang tot die inligting gegun moet word al dan nie.

## WATTER INLIGTING SAL VERSKAF WORD?

Die algemene reël is dat inligting verskaf moet word, maar daar is uitsonderings.

Toegang tot inligting sal geweier word om die volgende te beskerm:

- privaatheid van 'n derde party;
- kommersiële inligting van 'n derde party;
- vertroulike informasie;
- inligting in regsgedinge; of
- navorsingsinligting.

Toegang tot inligting kan geweier word waar daar aan sekere vereistes voldoen word en waar dit nie in die openbare belang is om die inligting bekend te maak nie:

- Suid-Afrikaanse verdediging, veiligheid en internasionale betrekkinge
- ekonomiese, finansiële en kommersiële belang van Suid-Afrika
- bedrywighede van openbare liggame
- "ligsinnige of irriterende versoeke, of wesenlike en onredelike afleiding van hulpbronne"

Die beperkinge mag egter afgeskaf word waar die vrystelling van inligting in die openbare belang is.

Dui die inligting 'n ernstige oortreding van 'n wet aan?

**OF**

Bevat die betrokke rekords inligting wat verband hou met 'n dreigende en ernstige openbare veiligheid- of omgewingsrisiko?

**EN**

Is die openbare belang van die bekendmaking van die inligting duidelik belangriker as die potensiële skade?

## VERKRYGING VAN INLIGTING IN OPENBARE PROSESSE

Dikwels bied openbare deelname prosesse (dit word bespreek in die volgende afdeling) 'n meganisme om inligting aan te vra en toegang te verkry. Wanneer jy deelneem aan besluitnemingsprosesse (byvoorbeeld Omgewingsimpakstudies) is dit belangrik om te weet watter vrae om te vra, sodat jy die potensiële impakte van die voorstel behoorlik kan evalueer.

# Oefening

## DIE VERKRYGING VAN INLIGTING

Kan jy aan voorbeelde dink van mense in jou gemeenskap wat dalk tradisionele, inheemse of plaaslike kennis besit? Oorweeg nou die volgende vrae:

? ***Kan jy aan inligting dink wat jy dalk nodig mag hê in 'n Omgewingsimpakstudie-proses vir 'n voorgestelde steenkoolkragstasie in jou area?***

## DIE VERKRYGING VAN INLIGTING BY DIE REGERING EN ONDERNEMINGS

As jy inligting aanvra buite openbare deelname prosesse, kan jy die meganismes in PAIA gebruik. Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie kan moontlik burgers bystaan om hul reg op inligting uit te oefen.

'n Versoek om toegang tot inligting word gedoen deur Vorm A vir openbare liggame en Vorm C vir private liggame te voltooi. Daar moet binne 30 dae op hierdie versoeke gereageer word. Vorms kan gevind word by: www.sahrc.org.za

Wanneer jy inligting versoek, onthou:

1. Wees so spesifiek as wat jy kan oor die inligting wat jy versoek.
2. Sluit 'n "vang-alles"-versoek in ingeval daar inligting is waarvan jy nie weet nie.

'n Handige dokument oor hoe om inligting aan te vra, is hier beskikbaar: *https://www.sahrc.org.za/home/21/files/Section%2010%20guide%202014.pdf*

Hoe om inligting aan te vra

1. Onthou, enige persoon kan inligting aanvra.
2. Vul die vorm in:
    - Maak seker dat jy die inligting wat jy wil hê duidelik beskryf
    - Spesifiseer in watter vorm jy die inligting wil hê (bv. in hardekopie of elektroniese vorm)
3. Betaal die versoekfooi (of motiveer hoekom jy dit nie kan betaal nie).
4. Stuur die versoek aan die inligtingsbeampte van die openbare of private liggaam.
5. Wanneer die inligtingsbeampte vir jou sê hoeveel dit sal kos, betaal vir die dokumente wat beskikbaar is (bv. vir drukwerk).

# 5. Neem deel

**Wees deel van openbare deelname prosesse en besluitneming.**

Verskillende wette gee jou die reg om aan besluitnemingsprosesse deel te neem.

1. **Die Grondwet -**
   Artikel 33 - reg op wettige, redelike en prosedureel regverdige besluite.
   Artikel 195 - die publiek moet aangemoedig word om aan beleidmaking deel te neem.
2. **Die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 3 van 2000 -**
   Besluite moet op 'n prosedureel regverdige wyse geneem word. Waar jou regte aangetas word, het jy die reg om:
   a) vertoë te rig voordat 'n besluit geneem word;
   b) van die besluit in kennis gestel word; en
   c) voorsien te word van redes vir die besluit.
3. **Omgewingswette -**
   Omgewingswette het prosedurevereistes vir Belanghebbende en Geaffekteerde Partye om aan besluite deel te neem. Byvoorbeeld, wanneer Omgewingsimpakstudies gedoen word, het die publiek die reg om:
   a) ingelig te word oor voorgestelde projekte;
   b) toegelaat te word om toegang tot dokumente te verkry;
   c) kommentaar op hierdie dokumente te lewer;
   d) in kennis gestel word van die besluit; en
   e) te appelleer teen 'n besluit wat geneem is.
4. **Ander wette en beleide**
   Soms gun ander wette en beleide ook die reg aan Belanghebbende en Geaffekteerde Partye om deel te neem.

In hierdie afdeling oorweeg ons openbare deelname prosesse in lisensiëringsprosesse, soos byvoorbeeld Omgewingsimpakstudies. Ons kyk ook na ander konsultasieprosesse, soos byvoorbeeld wanneer die regering planne en beleide formuleer.

## OMGEWINGSIMPAKSTUDIES

Omgewingsimpakstudies is prosesse waar die toekomstige omgewings-, sosiale en ekonomiese impakte van voorgestelde ontwikkelings beoordeel word en, waar moontlik, impakversagtende maatreëls voorgestel word. Relevante regeringsowerhede gebruik die resultate van die evaluering om te besluit of toestemming vir die ontwikkeling gegee moet word. Indien die impakte aanvaarbaar is, word 'n omgewingsmagtiging (of afvalbestuurslisensie of atmosferiese vrystellingslisensie) aan die ontwikkelaar toegestaan, met voorwaardes aangeheg.

Omgewingsimpakstudie-prosesse oorweeg impakte op:

- waterbronne (soos riviere, strome, vleilande en ondergrondse water)
- biodiversiteit
- die see
- erfenis


- landbou
- lug kwaliteit
- grond
- omliggende gemeenskappe
- die plaaslike en breër ekonomie

## Gelyste aktiwiteite

In die Omgewingsimpakstudie-proses word aktiwiteite in óf Lys 1 óf Lys 2 gedeel. Aktiwiteite in ablei lyste vereis omgewingsmagtiging. Aktiwiteite wat in Lys 1 gelys word, moet aan Basiese Assessering onderwerp word. 'n Voorbeeld van 'n Lys 1-aktiwiteit is die bou van 'n brug.

Aktiwiteite wat in Lys 2 is, moet aan 'n Bestekopname- en Omgewingsimpakstudie-verslag onderwerp word. 'n Voorbeeld van 'n Lys 2-aktiwiteit is die bou van 'n raffinadery.

### OMGEWINGSIMPAKSTUDIE-PROSES LYS 2 AKTIWITEIT



## GEVALLESTUDIE: KARPOWERSHIP WORD MAGTIGING GEWEIER

In 2020 was Karpowership, 'n Turkeie-gebaseerde energie maatskappy, aangewys as 'n suksesvolle bieër om 'n gedeelte van die 2 000 MW te verskaf wat nodig is om Suid-Afrika se kragnetwerk aan te vul. "*Powerships*" is drywende kragsentrales wat energie produseer uit vloeibare aardgas. Na bewering sou hierdie krag die druk op Eskom verlig. Kragskepe sou by Saldanha, Richardsbaai en Gqeberha vasgemeer word. Die Suid-Afrikaanse Karpowership-kontrakte, sou meer as 20 jaar duur en was meer as R200 miljard werd. Die Karpowership-projek sou baie omgewings- en sosiale impakte veroorsaak, direk sowels as indirek. Omgewingsgroepe regoor Suid-Afrika het uitgebreide lobbywerk gedoen en deelname tydens die Omgewingsimpakstudie-proses het vrugte afgewerp aangesien die Departement van Visserye, Bosbou en Omgewing (DVBO) geweier het om magtiging te verleen.

**Die DVBO het verskeie redes geopper waarom hy gekies het om die aansoeke te verwerp, aangesien hulle gesê het dat daar aansienlike leemtes en beperkings in die Omgewingsimpakstudie van Karpowership was, insluitend:**

- Die kragmaatskappy het versuim om 'n behoorlike openbare deelname proses uit te voer. "Die doel van openbare betrokkenheid is nie net om ingeligte besluitneming te bevorder nie, maar ook om die egtheid en aanvaarding van 'n uitkoms of besluit te bevorder en om deelnemende demokrasie te versterk."
- Die werklike en potensiële impakte op die omgewing sowel as sosio-ekonomiese impakte, veral op kleinskaalse visserye, kon nie volledig geëvalueer word nie, as gevolg van 'n afwesigheid van behoorlike onderwatergeraasimpakstudies.
- In die Ngqura-saak, byvoorbeeld, het die Omgewingsimpakstudie versuim om behoorlik aandag te skenk aan die impak van skeepsgeraas op die mariene ekologie.
- By Richardsbaai was daar 'n gebrek aan werk aan die onderwatergeraasstudie. Die Omgewingsimpakstudie het versuim om die impak van geraas op die bedreigde boggelrugdolfyn in die Indiese Oseaan te ondersoek.
- Die meeste van die spesialiste het beperkings op hul onderskeie studies aangedui, insluitend dat hulle beperkte tyd gehad het om hul gedagtes toe te pas of dat die studies in die verkeerde seisoen onderneem is.

Vir meer inligting, sien: *https://mg.co.za/environment/2021-06-25-karpowership-decision-shows-peoples-voices-do-count/*

# Oefening

## DEELNAME AAN OMGEWINGSIMPAKSTUDIE-PROSESSE

? *Hoekom dink jy is dit belangrik om betrokke te wees by Omgewingsimpakstudie-prosesse vir voorgestelde ontwikkelings wat jou gemeenskap raak?*

## PLANNE, WETTE EN BELEIDE

Van tyd tot tyd sal die regering jou nooi om deel te wees van 'n besluitnemings- of openbare deelname proses. In terme van klimaatsveerkragtigheid, soek vir geleenthede om 'n invloed te hê op ontwikkelingsprosesse, klimaatsverandering, dienslewering, omgewingsbeplanning, water, infrastruktuur en beplanning, onderwys, openbare veiligheid, gesondheidskwessies of enigiets wat jou gemeenskapsveerkragtigheid kan beïnvloed (soos voorheen bespreek).

Die openbare deelname proses sluit in deelname aan toesigaktiwiteite soos strategiese planne, jaarlikse prestasieplanne, jaarlikse begrotings of jaarverslae. Jy kan ook voorleggings maak vir hierdie toesigaktiwiteite.

## WENKE VIR DEELNAME

Openbare deelname vereis dat jy waaksaam moet wees. Wees op die uitkyk vir openbare kennisgewings in biblioteke, koerante en aanlyn. Jy en jou gemeenskap sal self hierdie plekke moet monitor vir aankondigings. Ons stel voor dat jy hierdie rol aan spesifieke mense toeken. Handhaaf noue verbindings met jou wyksraadslede of plaaslike regeringsverteenwoordigers, sowel as nie-regeringsorganisasies in jou area wat jou dalk kan help om kennisgewings op te spoor. Die volgende is maniere om deel te neem.

*LET WEL: Wat jy in openbare deelname kan doen, lyk dalk soortgelyk aan lobbywerk. In openbare deelname nooi die regering jou egter uit om aan die proses deel te neem, terwyl jy jouself nooi in lobbywerk.*

- Woon enige openbare verhore by - die skedules kan op provinsiale wetgewers se webwerwe gevind word.
- Woon sittings van die huis of vergaderings van Parlementêre komitees by, hulle is almal oop vir die publiek.
  - Hierdie skedules kan moeilik wees om te vind, maar jy moet nie huiwer om wetgewers direk te kontak vir inligting nie.
- Maak goed nagevorste skriftelike voorleggings wat jou sienings en menings oor die klimaatkwessie behoorlik weerspieël, en versoek om dit mondelings aan te bied.
- Dien 'n formele petisie in - die formaat van amptelike petisies kan op provinsiale wetgewerwebtuistes gevind word.
- Kontak jou verkose verteenwoordiger.

Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanningsprosesse is byvoorbeeld deel van Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerke en is 'n algemene manier waarop munisipaliteite openbare deelname verwelkom.

Plaaslike munisipaliteite in Suid-Afrika gebruik Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanningsprosesse as 'n metode om toekomstige ontwikkeling in hul gebiede te beplan. Hierdie benadering tot beplanning betrek die hele munisipaliteit en sy burgers om die beste oplossings vir langtermyn-ontwikkeling te vind, nie net grondontwikkeling nie, maar ook die verspreiding van beperkte hulpbronne volgens munisipale behoeftes. Dit is veral belangrik om die impak van apartheid en die onregverdige verdeling van ontwikkeling en hulpbronne wat dit tot gevolg gehad het, te oorkom. Openbare deelname aan Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanningsproses-forums word aangemoedig om te verseker dat jou klimaatsaksievoorstelle gehoor word vir die langtermyn-ontwikkeling van jou munisipaliteit en sodat jy jou plaaslike regering aanspreeklik kan hou.

## HOE OM DIE MEESTE UIT JOU OPENBARE DEELNAME TE KRY

Die volgende is 'n paar van die maniere waarop jy kan verseker dat jy verstaan wat gebeur en op 'n sinvolle en effektiewe manier bydra wanneer jy 'n openbare deelname sessie bywoon:

- Maak seker dat almal wat jy dink belangrik is vir die onderwerp in die kamer is. Raadslede, plaaslike amptenare, nie-regeringsorganisasies en verskillende gemeenskapsgroepe moet teenwoordig wees.
- Nooi mense van verskillende groepe in jou gemeenskap, soos die jeug, vroue en leiers uit om die sessie by te woon en vra hulle om hul sienings weer te gee.
- Daar moet voorsiening gemaak word vir gemarginaliseerde groepe, bv. ongeletterde mense moet ook aan die proses kan deelneem.
- Probeer om die dokumente wat by die vergadering aangebied sal word vooraf in die hande te kry en kyk daardeur saam met lede van plaaslike subkomitees of gemeenskapsorganisasievennote.
- Baie dikwels in die Omgewingsimpakstudie-proses word mense nie van die ontwikkeling in kennis gestel nie, daarom moet kennisgewings wyd geadverteer word.
- Maak seker dat 'n tolk teenwoordig is indien die aanbiedings in 'n taal is wat jy nie maklik verstaan nie.
- Maak seker dat die dokumente vir verspreiding vertaal word in 'n taal waarmee jy vertroud is.
- Belanghebbende en Geaffekteerde Partye het die reg om te vra vir dokumentasie en inligting rakende indiensneming, verkryging van lisensies, aandeelhouers, finansiële inligting, ens.
- Maak seker dat jy die register teken en dat dit die regte onderwerp, datum en plek weerspieël.
- Versoek 'n afskrif van die vergaderingnotules en volg op om seker te maak dat jy dit ontvang.
- Neem jou eie aantekeninge en vergelyk die notule met jou notas. Let op of enigiets ontbreek of nie geskryf is op 'n manier wat die inhoud van die vergadering weerspieël nie.
- Vra om die sessie op te neem (moontlik op jou foon), indien moontlik.
- Maak seker dat die mense by die vergadering genoeg tyd gegun word om vrae te vra en hul standpunte voor te stel.

# 6. Lobby Regerings

**Bevorder jou reg om gehoor te word in regeringsruimtes, soos byvoorbeeld die Parlement.**

Alhoewel gewone burgers nie wetsontwerpe by die Parlement mag indien nie, kan hulle lede van die Parlement of komitees lobby om wetgewing in te stel wat te doen het met hul bekommernisse.

Lobbyaktiwiteite sluit in:

- Die indiening van standpuntstukke (*position papers*) of memorandums aan parlementêre portefeuljekomitees en staatsamptenare namens jou gemeenskap of organisasie.
- Versoek om mondelinge voorleggings aan parlementêre portefeuljekomiteeverhore te doen.
- Versoek parlementariërs om hierdie kwessies namens jou te opper.
- Doen navorsing en versamel data om die voorstelle wat in jou standpuntstuk/voorlegging gemaak is, te rugsteun.
- Die uitreik van mediaberigte en persvrystellings namens jou gemeenskap of organisasie.
- Neem parlementêre debatte en komiteeverhore waar om op hoogte te bly van sake.
- Teken en versamel petisies wat dan aan 'n politieke figuur afgelewer word. Sien punt 8.

# Oefening

## LOBBY VIR KLIMAATSAKSIE

?

***Is daar kwessies in jou gemeenskap waaroor jy dalk die regering se steun wil hê – kwessies wat spesifiek met klimaatsverandering verband hou? Miskien is jou woonbuurt of gemeenskap al 'n paar keer in die verlede oorstroom en jy wil hê dat die regering byvoorbeeld beter dreineringstelsels moet bou. Dink aan ander aksies.***

# 7. Protesteer

**Kom vreedsaam bymekaar om die aandag op klimaatsverandering te vestig.**

- Identifiseer of nomineer iemand om in beheer te wees van 'n vreedsame protes.
- As daar meer as 15 mense is wat betoog of as jy voor die Parlement, vakbondgeboue of enige howe betoog, moet jy die plaaslike owerhede in kennis stel deur 'n Kennisgewingvorm ingevolge die Wet op die Regulering van Byeenkomste, 205 van 1993, in te vul:
    - Die kennisgewing verseker die sameroepers dat die polisie nie die betoging kragtens artikel 9(1)(c) van die Wet op Byeenkomste kan beperk nie.
    - Die versuim om die plaaslike owerhede in kennis te stel van 'n beoogde betoging van meer as 15 mense is NIE 'n kriminele oortreding nie (sien gevallestudie hieronder).
- Bepaal wie die betrokke plaaslike owerheid is en dien die vorm in.
- Gee ten minste een week kennis.
- Plaaslike owerhede (hetsy die munisipaliteit of die polisie) moet met jou vergader nadat jy die kennisgewingvorm ingedien het om besonderhede en reëlings te bespreek.
- Sang, dreunsang en marsjeer is alles vorme van wettige protes. Om openbare of private eiendom te vandaliseer, of liggaamlike skade aan ander te veroorsaak, is nie.






## GEVALLESTUDIE: PROTESTEER SONDER KENNISGEWING

In 2018 het die Konstitusionele Hof van Suid-Afrika 'n saak beslis wat oor 'n kriminele skuldigbevinding van vreedsame betogers gegaan het. In 2013 het hierdie betogers hulself aan die relings by die Kaapstadse Burgersentrum vasgeketting om te betoog teen die stad se versuim om toegang tot sanitasiegeriewe in Khayelitsha, 'n township-nedersetting van 'n paar honderdduisend mense, te verskaf.

Op daardie tydstip en volgens Suid-Afrikaanse wetgewing moes die sameroeper van 'n betoging van meer as 15 persone die plaaslike owerhede voor die beoogde protes in kennis stel. Die versuim om dit te doen was toe gesien as 'n kriminele oortreding ingevolge artikel 12(1)(a) van die Wet op die Regulering van Byeenkomste, 205 van 1993.

'n Groep van 15 mense het die protes by die Kaapstadse Burgersentrum begin. Hulle het nie die plaaslike owerhede kennis gegee nie. Ander simpatiseerders het later by die groep aangesluit. Al het hulle vreedsaam betoog, het die polisie die groep, wat op daardie stadium uit meer as 15 persone bestaan het, versoek om uiteen te gaan. Toe die betogers weier, is tien van die betogers gearresteer, aangekla en skuldig bevind omdat hulle 'n byeenkoms gehou het sonder om vooraf kennis te gee.

Die betogers het hul skuldigbevinding in die hof betwis. Uiteindelik moes die Konstitusionele Hof oor die aangeleentheid besluit aangesien die vraag ontstaan het of artikel 12(1)(a) van die Byeenkomstewet grondwetlik was. Die Konstitusionele Hof het bevind dat die reg op vergadering 'n hoeksteen van enige demokrasie was aangesien dit openbare deelname toelaat. Die hof het bevind dat die kriminalisering van vreedsame betogers hul grondwetlike reg skend om vrylik, vreedsaam en ongewapen te vergader. Geen regverdiging kon vir hierdie ernstige beperking verskaf word nie. Die Hof het dus artikel 12(1)(a) van die Wet op Byeenkomste ongrondwetlik en nietig verklaar.

Lees meer oor die saak hier: *https://www.groundup.org.za/article/what-does-constitutional-courts-judgment-protests-mean/*



© Protesteerders van die *Social Justice Coalition.* Foto: *Groundup.org*

# 8. Trek 'n petisie op

**Versamel handtekeninge om jou klimaatsaksies te ondersteun.**

'n Petisie is 'n formele skriftelike versoek, tipies een wat deur baie mense onderteken is, wat 'n beroep doen op 'n owerheid ten opsigte van 'n spesifieke saak. Baie petisies ontstaan aanlyn, maar soms kan mens die aangesig-tot-aangesig-benadering gebruik. Dit behels deur-tot-deur gaan in jou woonbuurt, die kwessies te verduidelik en om 'n persoon se handtekening te vra ter ondersteuning van jou versoek aan die regering.

Volgens die Republiek van Suid-Afrika se parlementêre webtuiste moet 'n petisie aan die volgende vereistes voldoen:

- In 'n vorm wees wat deur die Speaker van die Nasionale Vergadering of die Voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies voorgeskryf word;
- Sluit die naam/name en kontakbesonderhede van die mense wat die petisie opgestel het in;
- Dui die beoogde ontvanger van die petisie duidelik aan (die persoon aan wie die petisie gerig word);
- Dui die aard van die versoek wat gerig word (die onderwerp van die petisie) duidelik aan;
- Sluit 'n duidelike motivering vir die petisie in;
- Die petisie moet in een van die amptelike tale van Suid-Afrika wees;
- Die petisie moet geteken word deur die versoeker(s) self (tensy die Speaker of Voorsitter anders besluit);
- Die petisie moet nie onbehoorlike of oneerbiedige taal bevat nie; en
- Dit moet die aard van die verligting (bystand) wat van die Parlement gevra word, aandui.

Maak seker dat jy jou verkose verteenwoordiger of 'n Parlementslid kontak om te help met die formaat of inhoud van jou petisie. Meer inligting kan op nasionale of provinsiale regeringswebtuistes gevind word.

## GEVALLESTUDIE: UITDAGENDE MYNBOU IN XOLOBENI

Die Xolobeni-gemeenskap aan die Wildekus in die Oos-Kaap se omgewing was bedreig deur 'n Australiese maatskappy wat beplan het om titanium in die gebied te ontgin. Om hierdie planne te beveg, het die dorpenaars hulself georganiseer en die Amadiba-krisiskomitee gevorm.

Die Amadiba-krisiskomitee het op verskeie maniere opgetree: hulle het vreedsame betogings georganiseer, beswaar aangeteken teen die maatskappy se aansoek om mynregte, en 'n petisie voorgelê met meer as 4 000 handtekeninge van mense wat die mynbouprojek verwerp het. Daarbenewens het hulle hofverrigtinge begin.

Voor die Noord-Gautengse Hooggeregshof in Pretoria het die Amadiba-krisiskomitee aangevoer dat die Xolobeni-gemeenskap reeds eeue lank in die area woon en daarom moet besluit of mynaktiwiteite mag plaasvind. Baie ander organisasies, insluitend gemeenskapsgebaseerde organisasies, het die stryd van die Xolobeni-gemeenskap ondersteun deur 'n aanlyn petisie te loods vir die reg om mynbou te verwerp.

In 2018 het die Hooggeregshof in Pretoria 'n historiese uitspraak gelewer wat bepaal het dat die regering toestemming van die Xolobeni-gemeenskap moes verkry voordat 'n mynlisensie uitgereik kan word.

# 9. Rapporteer

**Rapporteer omgewingsoortredings aan die toepaslike owerhede.**

Almal het 'n plig om te verseker dat hulle nie noemenswaardige besoedeling of agteruitgang van die omgewing veroorsaak nie, insluitend individue, maatskappye en regeringsinstansies. Houers van magtigings, lisensies en permitte moet aan die voorwaardes wat uiteengesit is, voldoen.

Besoedeling (bv. vrystelling van chemikalieë in 'n rivier of die atmosfeer) of agteruitgang van die omgewing (bv. storting van afval of onwettige mynbou) moet aan Omgewingsbestuursinspekteurs (bv. die "Green Scorpions") aangemeld word.

'n Oortreding moet bes aan al die relevante omgewingsowerhede rapporteer word. Dit sluit die Nasionale Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing, die Provinsiale Omgewingsdepartement en jou munisipaliteit in. **Hou hul kontakbesonderhede veilig, op 'n plek wat jy sal onthou!**

Baie owerhede is berug daarvoor dat hulle nie reageer nie, of nie voldoende reageer op klagtes nie. Hou aan om op te volg en hou 'n rekord van die opvolgings. As dit per telefoon is, maak 'n nota van die oproep. Selfs as hulle nie reageer nie, sou jy jouself in 'n posisie bevind waar jy ander stappe moet neem, soos om hof toe te gaan, sal hierdie papierspoor baie belangrik wees.

'n Aksiebrief, byvoorbeeld, moedig of ontmoedig 'n spesifieke aksie of uitkoms aan en hou ander aanspreeklik vir die impak van klimaatsverandering. Jy kan 'n brief stuur aan enigiemand wat veranderinge kan meebring of beïnvloed. Sien die volgende bladsy vir 'n voorbeeld van so 'n brief.

GREEN SCORPIONS

NASIONALE BLITSLYN

08600 205 005

## AKSIE BRIEF VOORBEELD (1-2 BLADSYE)

Jou naam
Volledige adres
Alle kontakbesonderhede

Datum

Beste [ontvanger se naam],

**1ste Paragraaf:** Stel jouself voor, sê wie jy is en van watter gemeenskap of area jy skryf. Gee die redes hoekom jy skryf (wat jy wil hê en hoekom). As die brief oor 'n spesifieke kwessie soos 'n wetsontwerp of wetgewing gaan, maak seker dat jy dit kortliks en eenvoudig uiteensit.

**2de Paragraaf:** Ondersteun die spesifieke klimaatkwessie wat jy aanspreek, gebruik die belangrikste feite of statistieke en agtergrondinligting. Bied aan om bykomende materiaal te verskaf indien dit versoek sou word.

**3de paragraaf:** Deel jou persoonlike storie om jou posisie te verduidelik en hoekom hierdie klimaatkwessie jou en jou gemeenskap raak. Moenie te veel oordryf nie, dit is beter om by die feite sowel as persoonlike ervarings te hou.

**4de Paragraaf:** Som op en herhaal jou standpunt en versoek. Noem die verskillende en spesifieke maniere waarop die persoon aan wie die brief gerig is kan help met die klimaatkwessies wat jy ervaar.

**5de Paragraaf:** Bedank die persoon aan wie die brief gerig is vir die lees van die brief en vra dat hulle op jou brief reageer met voorstelle van hoe hulle jou bekommernisse kan aanspreek. Wees beleefd en hoflik. Gee hulle 'n manier om op jou brief te reageer.

Die uwe,

[Handtekening] jou naam

### Onthou:

- Hou die oorspronklike brief, indien moontlik.
- Maak kopieë van die brief om te versprei.
- As jy die brief met die hand aflewer, maak 'n ekstra kopie en vra die ontvanger om die kopie te onderteken en te dateer as bewys van ontvangs.
- Erken enige reaksie wat jy ontvang, selfs al is dit nie die antwoord waarop jy gehoop het nie.

# 10. Neem regstappe

**Maak gebruik van gereguleerde prosesse, soos besware en appèlle, en gaan hof toe as 'n laaste uitweg.**

## APPÈLLE

Die meeste wette het 'n appèlprosedure wat jou toelaat om 'n besluit rondom die goedkeuring van 'n ontwikkeling of die uitreiking van 'n lisensie te betwis. Wanneer jy 'n besluit wil betwis, moet jy in ag neem:

- Watter tydraamwerk jy het om teen die besluit te **appelleer**;
- Of jy 'n fooi moet betaal (of motiveer hoekom jy nie die fooi kan betaal nie);
- Aan wie die appèl ingedien moet word;
- Hoe die appèl ingedien moet word (bv. of dit per e-pos gestuur kan word of afgelewer moet word);
- Of daar 'n vorm is wat jy moet invul; en
- Of spesifieke dokumente ingesluit moet word (bv. jou magtiging om namens 'n gemeenskap op te tree).

Vir appèlle teen besluite om omgewingsmagtigings toe te staan, word die appèlprosedure in die Nasionale Appèlregulasies uiteengesit. Die appèl moet binne 20 dae ingedien word op die vereiste vorm aan die bevoegde owerheid se appèlafdeling. Dit is die beste om die owerheid wat die besluit geneem het te vra om vir jou die korrekte vorm te stuur om in te vul. Afskrifte moet ook aan die aansoeker en alle ander geregistreerde Belanghebbende en Geaffekteerde Partye gestuur word. Dit kan 'n tydrowende taak wees, en dit is belangrik om dit noukeurig te beplan sodat jou tyd nie te min raak nie.

## RESENSIES

As jy nie tevrede is met 'n besluit oor 'n appèl nie, het jy die reg om die besluit in die hof te betwis, deur middel van 'n geregtelike hersiening. Jy sal regsverteenwoordiging hiervoor nodig hê, so soek 'n regtesentrum of ander regsorganisasie om jou by te staan. Alternatiewelik kan jy geld insamel om 'n regsverteenwoordiger te betaal. Onthou, die geregtelike hersieningsproses moet so gou moontlik ná die besluit in die hof begin, en nie meer as **180 dae nadat** die besluit geneem is of jy van die besluit ingelig is nie.

## INTERDIK / BEVEL

Jy kan ook 'n hof nader om dit te versoek om te keer dat iemand die omgewing besoedel of die omgewing beskadig, of om hulle spesifieke stappe te laat neem. Dit is bes om prokureurs te vind om jou te help met hierdie proses, aangesien 'n klein fout in die prosedure of versuim om die nodige inligting te verskaf kan lei tot die verlies van die saak.

# AFSLUITING

Die impak van klimaatsverandering sal van nou af toenemend gevoel word, veral deur klimaatskwesbare gemeenskappe, wat gemeenskappe insluit uit lae-inkomste gebiede waar daar swak infrastruktuur en dienslewering is. Gemeenskappe sonder toegang tot voedsel, water en ander noodsaaklike dienste sal ondersteun moet word.

Ons hoop dat hierdie werkboek jou 'n bietjie hoop gegee het sodat - alhoewel jou gemeenskap sekere swakpunte mag hê - jy kan begin om jou gemeenskap se veerkragtigheid op te bou deur jou regte te laat geld en die wet te verstaan en toe te pas. Ons hoop dat jy geïnspireer was om meer aktief in die wet te wees en dat dit oor die langer termyn sal begin voel dat jou gemeenskap 'n beter kans het om die skokke wat ons verwag te kan weerstaan.

Ons verwag nie van jou om alleen op te tree nie. Dit is belangrik om kapasiteit van binne te bou, maar ook uit te reik na netwerke van ondersteuning. Natural Justice, wat hierdie werkboek ontwerp het, is een van 'n handvol organisasies wat ondersteuning en solidariteit met gemeenskappe bied. Die belangrikste kenmerk van ons werk is die regsbemagtigingsprogram wat poog om gemeenskappe op te lei en te ondersteun om die wet te verstaan, te beïnvloed en te gebruik.

Alhoewel die pad vorentoe 'n uitdaging sal wees, hoop ons dat ons dit saam kan stap.

## Afsluitende kontrolelys

**Merk die uitkomste wat vir jou waar is.**

- ☐ Ek verstaan wat klimaatsverandering is.
- ☐ Ek weet wat die oorsake van klimaatsverandering is.
- ☐ Ek is meer bewus van die gevolge van klimaatsverandering en begin verstaan hoekom ons moet optree.
- ☐ Ek begin van die strukture in my gemeenskap wat versterk moet word herken.
- ☐ Ek verstaan die Omgewingsimpakstudie en openbare deelname raamwerke beter.
- ☐ Ek het 'n beter begrip van hoekom leierskap belangrik is en erken die uitdagings in my plaaslike leierskapstrukture.
- ☐ Ek verstaan dat my regering sekere internasionale verpligtinge het en weet wat dit is.
- ☐ Ek het kennis van die verskillende wette, beleide en planne waarbinne ek en my gemeenskap funksioneer.
- ☐ Ek kan maniere identifiseer om meer aktief te wees in die bevordering van klimaatsveerkragtigheid in my gemeenskap deur die wet te gebruik.
- ☐ Ek het 'n paar idees vir my volgende stappe (sien hieronder).

# Volgende stappe

Hieronder is 'n paar idees vir volgende stappe om klimaatsaksie 'n werklikheid in jou gemeenskap te maak:

- Bring verskillende groepe in jou gemeenskap byeen en doen die oefeninge in hierdie werkboek om inligting oor jou gemeenskap te begin insamel.
- Vorm 'n komitee of subkomitee oor klimaatsverandering. Gee hulle opdrag om mense op te voed, inligting te soek en 'n saak vir klimaatsaksie te bou deur enige van die voorstelle in hierdie werkboek of elders te gebruik.
- Nooi 'n organisasie, regeringsverteenwoordiger, opvoeder of enigiemand anders om 'n werkswinkel oor klimaatsverandering binne jou gemeenskap te doen.
- Praat met plaaslike raadslede en onderwysers oor hul kennis van klimaatsverandering en hoe om bewusmaking onder gemeenskappe en skoolleerders te kweek.
- Begin om mense in jou gemeenskap te identifiseer met spesiale kennis van weerveranderinge, regeringsbesluite en enigiets anders wat as bewyse gebruik kan word of jou kan help met klimaatsaksies. Dokumenteer hierdie kennis.
- Begin om toegang tot regeringsdokumente soos strategieë en planne te kry en bespreek dit in groepe om te verstaan wat die regering doen of beplan om te doen omtrent klimaatsimpakte in jou gemeenskap.
- Begin om die kwessie van klimaatsverandering te opper in gemeenskapsvergaderings, regeringsvergaderings en openbare ruimtes.

Kan jy aan meer dink?

# Notas

NATURAL JUSTICE

